# HOOFSTUK 1

## DIE BESLAGGEWING VAN VANDERBIJLPARK EN DIE VESTIGING VAN PLAASLIKE BESTUUR

### 1.1 HENDRIK JOHANNES VAN DER BIJL: 'N LEWENSKETS

Hendrik Johannes van der Bijl is op 23 November 1887 te Pretoria gebore. Hy was die vyfde kind uit 'n gesin van vier dogters en vier seuns. Sy vader, Pieter Gerhard van der Bijl, was van 'n plaas in die Stellenboschdistrik afkomstig, waar hy ook geboer het. Sy moeder was ene Hester Elizabeth Groenewald wat in die Boshofdistrik gewoon het. Die gesin het eers in die Kaapkolonie gewoon, maar later na Pretoria verhuis, waar sy vader 'n besondere sakevernuf aan die dag gelê het. Hulle het as gesin, na die verowering van die twee Boere Republieke deur Brittanje, weer na die Kaapkolonie teruggekeer.[10]

H.J. van der Bijl het hom op skool al as 'n skrander persoon bewys. Sy loopbaan begin met die verwerwing van sy eerste graad aan die Victoria Kollege te Stellenbosch, naamlik 'n BA-graad, wat hy in 1908 met 'n onderskeiding in Fisika, Wiskunde en Chemie behaal het.[11] Hy het sy studie in Duitsland voortgesit waar hy hom op elektrotegnologie toegespits het. In 1913 is die graad Ph.D. aan hom toegeken. Hy het sy navorsing op bogenoemde gebied voortgesit. Hy het in die veld van foto-elektriese effek, wat later klankrolprente moontlik gemaak het, gespesialiseer. In 1914 word hy na die Verenigde State van Amerika genooi om sy werk, op bogenoemde gebied voort te sit. Hy het sy navorsing ook op radio en radiotelefone toegespits. Sy bydrae op die gebied het later langafstandtelefone moontlik gemaak. Na die navorsing in die Verenigde State van Amerika is hy as kenner op die gebied van termionika erken.[12]

In 1920 word hy deur generaal J.C. Smuts, destydse eerste minister van die Unie van Suid-Afrika, gevra om na sy land terug te keer. Generaal J.C. Smuts het H.J. van der Bijl die pos van tegniese raadgewer van die Departement van Mynwese en

---

[10] D.W. Krüger (hoofred.), ***Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek***, deel 2, p.788.

[11] D.W. Krüger (hoofred.), ***Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek***, p.788.

[12] D.W. Krüger (hoofred.), ***Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek***, p.789.

Nywerheid aangebied.[13] Die doel van die departement was: om voorsiening vir industriële navorsing en die beheer daarvan te maak, en om die samewerking van alle ander departemente in die Unie en oorsee te verkry, om gegewens te publiseer wat die totale veld van nywerheidsnavorsing en -ontwikkeling dek. Hierdie departement moes ook 'n ekonomiese ondersoek doen na die natuurlike hulpbronne in die Unie, en die beste metode van ontginning en gebruik van die bronne aantoon. Verdere take van die departement was om die ontwikkeling van industrieë in geskikte gebiede aan te moedig, deur advies en inligting te gee oor industriële probleme. Die verskaffers van rou-materiale in die Unie, moes ook by die vervaardigers plaaslik sowel as oorsee bekendgestel word. Alle verwerkte produkte moes dan ook aan die verbruiker bekendgestel word. In die algemeen moes die departement aandag aan alle sake rakende die industriële en handelsontwikkeling in die Unie gee.[14]

H.J. van der Bijl het hierdie pos aanvaar. By sy terugkeer was talle veranderinge in die Unie aan die orde van die dag. Die land was nie meer langer net op landbou en mynbou ingestel nie. Daar was baie potensiaal om industrieë te ontwikkel. H.J. van der Bijl het die moontlikhede raakgesien en verskeie prestasies op nywerheidsgebied gelewer. In 1923 is die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie (Evkom) gestig en H.J. van der Bijl is as die eerste voorsitter aangestel. Hy het geglo dat Suid-Afrika se nywerheidstoekoms veral van twee faktore afgehang het, naamlik goedkoop elektriese krag en goedkoop staal.[15]

Die ontwikkelingspad van die staalnywerheid in Suid-Afrika was egter nie sonder slaggate nie. Reeds in 1922 het H.J. van der Bijl, 'n verslag opgestel wat deur die Raad van Handel en Industrieë aanvaar is. As gevolg hiervan is die Yster en Staal Industrieë Bystandswet van 1922 aanvaar. Die Gutehoffnungshutte kommissie het in 1924 die moontlikheid van 'n Yster- en Staalnywerheid in Suid-Afrika ondersoek. Die kommissie se verslag het 'n groot rol in die Yster- en Staalwet van 1928 gespeel. In 1928 word die Yster- en Staalkorporasie Beperk (Yskor) in die lewe geroep. Die Unie-regering het die volgende direkteure vir die nuutgestigde korporasie genomineer: dr. H.J. van der Bijl, (voorsitter tot met sy dood in 1948); A.J. Bruwer, (voorsitter van die Raad van Handel en Nywerheid) asook J.H. Dobson en C.F. Delfos. In 1929 is 'n komitee van raadgewende ingenieurs in Londen byeengebring om Yskor

---

13 D.W. Krüger (hoofred.), ***Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek***, p.790.

14 Sentrale Argiefbewaarplek (SAB), Pretoria, Secretary of the Department of Mines and Industries (MNW), band 715, file 5: draft speech of H.J. van der Bijl, ca. 1928.

15 D.W. Krüger (hoofred.), ***Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek***, p.790.

van raad te voorsien. In 1938 het Yskor reeds £1 250 000 se reserwefondse gehad, wat H.J. van der Bijl in 'n nuwe staalwerke in die Vereenigingarea wou belê.

H.J. van der Bijl het ook besef dat Suid-Afrika baie van sy voorrade onedele metale verwaarloos en verloor. In 1937 word dus tot die stigting van African Metals Corporation (Amcor) oorgegaan wat die ontginning en verwerking van hierdie metale moes beheer. In 1945, net na die afloop van die Tweede Wêreldoorlog, het H.J. van der Bijl ook 'n groot rol in die stigting van Vanderbijl Ingenieurskorporasie Beperk (Vikor) gespeel.

Nadat die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika die Nywerheidsontwikkelingswet no. 22 van 1940 aanvaar het, is H.J. van der Bijl as die voorsitter van die Nywerheidsontwikkelingskorporasie (NOK) aangestel.[16] Die Nywerheidsontwikkelingswet het die volgende doelwit in die vooruitsig gestel: "die finansiering van nuwe nywerhede en nywerheidsondernemings en van skemas vir die uitbreiding, beter organisering, modernisering en om 'n meer doeltreffende uitvoering van die werksaamhede van bestaande nywerhede en nywerheidsondernemings, te vergemaklik, bevorder, lei en daarby behulpsaam te wees".[17] Die korporasie se doel was dus om Suid-Afrikaanse nywerhede en nywerheidsondernemings te bevorder sonder om die land se pryspeil te verhoog. Die korporasie word van kapitaal voorsien deur die aandele wat in Suid-Afrikaanse nywerhede uitgeneem word.[18]

Volgens H.J. van der Bijl was die Yster- en Staalnywerheid een van die eerste nywerhede waaraan die NOK aandag sou gee.[19]

Die NOK is op 1 Oktober 1940 geregistreer, alhoewel die eintlike ontstaandatum van die korporasie 5 Mei 1950 was. Op dié dag is die wet deur die Parlement en Patrick Duncan, die goewerneur-generaal, bekragtig. Die korporasie is as gewone maatskappy geregistreer en is dus ook aan belasting onderhewig.[20]

---

[16] D.W. Krüger (hoofred.), ***Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek***, p.790.

[17] A.P. Cartwright, ***Die verhaal van die stigting en groei van die Nywerheidsontwikkelingskorporasie van Suid-Afrika, 1940-1970***, p.5.

[18] A.P. Cartwright, ***Die verhaal van die stigting en groei ...***, p.5.

[19] Elektrisiteitsvoorsieningskommissie (Eskom), Megawattpark, H.J. van der Bijl-koerantknipselversameling, vol. 1, ***Suiderstem***, 3 Februarie 1940: berig.

[20] A.P. Cartwright, ***Die verhaal van die stigting en groei ...***, p.6.

H.J. van der Bijl het ook in die handelseevaart belanggestel en in 1946 was hy by die stigting van die South African Marine Corporation (Safmarine) betrokke.[21]

Dr. H.J. van der Bijl het belangrike werk op wetenskaplike terrein gelewer, van sy uitsprake en bevindings is in H.J. van der Bijl, ***Miscellaneous papers and addresses,*** saamgevat.[22]

'n Chronologiese oorsig van sy loopbaangeskiedenis gee 'n mens 'n goeie beeld van die begaafde persoon H.J. van der Bijl:

**1912-1913** Instrukteur in Fisika aan die Royal School of Technology, Dresden.

**1913-1920** Navorsingsfisikus aan die Amerikaanse telefoon en telegrafiese korporasie, en die Westerse Elektriese Maatskappy, New York.

**1920-1922** Tegniese Adviseur van Industriële Ontwikkeling van die Departement van Myne en Industrieë van die Unie van Suid-Afrika.

**1923** Voorsitter van die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie (Evkom).

**1928** Voorsitter van die Suid-Afrikaanse Yster- en Staalkorporasie Beperk (Yskor).

**1934** Kanselier van die Universiteit van Pretoria.

**1937** Voorsitter en Besturende Direkteur van African Metals Corporation Limited (Amcor).

**1940** Voorsitter Nywerheidsontwikkelingskorporasie Beperk (NOK).

**1942** Ere-kolonel van die Suid-Afrikaanse Tenk Korps.

**1943-1947** Direkteur-generaal van Oorlogsvoorrade.

**1943** Buitelandse lid van die Nasionale Akademie van Wetenskap van die Verenigde State van Amerika.

**1944** Lid van die Royal Society.

---

[21] D.W. Krüger (hoofred.), ***Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek***, p.788.

[22] Eskom, Megawattpark, Eskom accession, H.J. van der Bijl, ***Miscellaneous papers and addresses***, vol. 1-9.

**1944** Voorsitter van die Vanderbijlpark Eiendomsmaatskappy (Vesco).

**1945** Voorsitter van Vanderbijl Ingenieurskorporasie, Beperk (Vikor).

**1947** Voorsitter van Caxton Beperk.

**1947** Voorsitter van die Suid-Afrikaanse Marine Korporasie, Beperk (Safmarine).

**1947** Direkteur van American Anglo-Transvaal Beleggings Korporasie, Beperk.


**1948** Oorlede, Desember 1948.[23]

H.J. van der Bijl is ook per geleentheid die man van yster en staal genoem. Hy het werklik sy "staal" op talle terreine bewys. Hy het nie net as Direkteur-generaal van Oorlogsvoorrade 'n bydrae tot die oorlogspoging gelewer nie, maar ook op die gebiede wat vir die bevolking van belang was. Daar is gesorg dat iets tasbaars en blywends in die land teruggeploeg word, vir al die honderde, miljoene ponde wat die oorlog die Unie van Suid-Afrika gekos het. H.J. van der Bijl het gepoog om die oorlogsnywerhede in diens van die publiek te stel. Talle voorbeelde kan van hierdie doelwit gegee word. So is die kombersfabrieke oorgeskakel om binne die bestek van vier maande 'n anderhalfmiljoen komberse aan die bevolking te lewer. Die miljoene ponde se fabrieksmasjinerie wat Suid-Afrika gedurende die oorlog ingevoer of self vervaardig het, het H.J. van der Bijl ook vir die opbou van Suid-Afrika aangewend. Hy het gedurende die oorlog gepoog om Suid-Afrika selfversorgend te maak en in die opsig is werk van blywende belang gelewer. So is die skoenmakerybedryf vergroot en na die oorlog kon dit selfs 'n bydrae tot uitvoere lewer. Die inmaakbedryf is op 'n skaal van 40-50 miljoen pond per jaar gevestig. Aansienlike hoeveelhede elektriese benodigdhede, motore, skroewe en selfs 430 ton rubber is ook gelewer. Hy het produksie veral op massaproduksie gerig en dit het tot gevolg gehad dat die Suid-Afrikaanse nyweraar 'n plek in die wêreldhandel kon inneem. Die Unie kon ook begin om produkte aan die boere te lewer, soos windpompe, duisende stukke gereedskap, byvoorbeeld stropers, hoofharke en tweeryplanters. Die produksie van landbougereedskap het direk onder H.J. van der Bijl se organisasie geval, om in die tyd van oorlog, ook 'n bydrae tot die land se opbou te maak. Dit kan net gesien word as 'n sin vir nasionalisme wat in dié Suid-Afrikaner geseëvier het.[24]

---

[23] Anon., "Dr. H.J. van der Bijl, 1887-1948", ***Yskor Nuus***, vol. 14, no. 1, Januarie 1949, p.5.

[24] Eskom, Megawattpark, H.J. van der Bijl-koerantknipselversameling, vol. 2, ***Vaderland***, 1 Oktober 1943: berig.



Spotprent no. 1: H.J. van der Bijl voorgestel as die man van staal.
Bron: Escom, Megawattpark, H.J. van der Bijl koerantknipsel - versameling, vol. 4, ***Die Vaderland***, 29 November 1946: berig.

Menige Suid-Afrikaner het by H.J. van der Bijl se ondernemings en ywer baat gevind en wel in die opsig van werkverskaffing, verbeterde werksomstandighede, lewensomstandighede en opleiding.[25] Hy het ook geglo dat elke persoon sy deel moet bydra om 'n standvastige toekoms vir Suid-Afrika op te bou. Hy het geglo in sy land se toekoms, wat hy in die volgende woorde weergegee het: "Our future is bright, our opportunities lie ahead - let us be worthy of them."[26]

Die volgende aanhaling van H.J. van der Bijl se credo, som sy lewe en lewensuitkyk op. Hy het die woorde in 1934 met sy intreerede as kanselier van die Universiteit van Pretoria gebruik: "Dedicated to the ideal of cementing together by common endeavour for achievement all the people of South Africa regardless of race or creed into a brotherhood of mutual trust and goodwill for the welfare of our country and the glory of Almighty God." Hierdie credo is ook op die muur van die Hall of Achievement, Eskom Huis in Johannesburg gegraveer.[27]

Daar is ook met H.J. van der Bijl en die sukses wat hy veral op die terrein van die yster- en staalnywerheid behaal het, gespot. 'n Joernalis het per geleentheid die volgende gesê: "Voor jy weet waar jy is, kom daar so 'n staalagtige glinstering in jou oog, kom daar so 'n soort van gepantserde gevoel in jou stap, begin alle dinge om jou metaalagtig hoekig lyk en glo jy dat daar pet slot van rekening maar net een ding is wat die lewe die moeite werd maak, Staal!"[28]

Met sy dood in Desember 1948 het die redaksie van die Yskor Nuus die volgende van hulle Voorsitter gesê: "Yskor het nie net 'n hoof van ons organisasie verloor nie, maar ook iemand wat 'n vriend, kollega en besieling was. Hy het Yskor opgebou. Daarin het hy die fondament van die ekonomiese lewe van sy land gelê. Hy het nie alleen aan vandag gedink nie. Sy blik het baie verder as ons huidige bestaan gestrek en sy stempel staan duidelik op die industriële toekoms van Suid-Afrika afgedruk."[29]

Vele ander voorbeelde kan uit huldeblyke met sy dood gegee word, soos die aanhaling uit generaal J.C. Smuts se huldeblyk, wat veral oor H.J. van der Bijl se bydrae

---

[25] A. Jacobs, ***South African heritage: a biography of H.J. van der Bijl***, p.215.

[26] A. Jacobs, ***South African heritage*** ..., p.227.

[27] Anon., "Dr. H.J. van der Bijl, 1887-1948", p.10.

[28] Eskom, Megawattpark, H.J. van der Bijl-koerantknipselversameling, vol. 4, ***Vaderland***, 29 November 1946: berig.

[29] Anon., "Dr. H.J. van der Bijl, 1887-1948", p.1.

tot sy land handel: "He passed away at the height of his career ... But even so we are amazed at what he was able to do during his short span of 25 years for South African industry. We have every reason to be grateful for it and to be proud of his record and to acclaim him one of the outstanding men which our generation of South Africans has produced."[30]

## 1.2 IDEALE VAN H.J. VAN DER BIJL VIR VANDERBIJLPARK

Uit die bogenoemde lewenskets is dit duidelik dat H.J. van der Bijl 'n groot bydrae op die industrialiseringsgebied in Suid-Afrika gelewer het. Hierdie bydrae het uiteindelik tot die ontwikkeling van die dorp Vanderbijlpark gelei. Generaal J.C. Smuts het per geleentheid met reg gesê dat Vanderbijlpark H.J. van der Bijl se "city of ideas and ideals" is.[31]

Voor daar na die dorp Vanderbijlpark se ontwikkeling gekyk word, sal kortliks na die ontwikkeling van die staalbedryf in Suid-Afrika en in die besonder na Yskor verwys word. Die rede daarvoor is dat Vanderbijlpark indirek as gevolg van die uitbreiding van die staalindustrie in Suid-Afrika ontwikkel het.

C.F. Delfos het in 1917 reeds ru-yster buite Pretoria begin produseer en hy het ook ondersoek na die stigting van 'n staalnywerheid ingestel.[32] Sy ondersoeke het byvoorbeeld tot twee oorsese besoeke gelei. In 1920 het Delfos met sy besoek aan Engeland veral die nuwe gedagte van 'n Yster- en Staalbedryf gepropageer en gepoog om kapitaal en beleggers te bekom. Opinies en verslae van kenners op die gebied is ook verkry. In 1922 het Delfos weer oorsee vertrek. Hy het samesprekings met die "Trade Facilities Board" in Londen gevoer. Die funksie van die raad was om lenings vir die ontwikkeling van industriële aanlegte daar te stel. Die raad het 'n bedrag van £1,100,000 beskikbaar gestel. Die Suid-Afrikaanse regering moes egter die bedrag waarborg, deur 'n soortgelyke bedrag in die skema te belê. Die Suid-Afrikaanse regering was egter nie bereid om dit te doen nie, maar samewerking is belowe deur middel van algemene premies. Die premies het 15/- per ton op 'n glyskaal vir 'n periode van 8 jaar beloop. Die premies sou egter uitbetaal word indien die aanleg 'n staalproduksie van ongeveer 50 000 ton gegote yster of staal per jaar

---

30 Anon., "Dr. H.J. van der Bijl, 1887-1948", p.19.

31 A. Jacobs, ***South African heritage ...***, p.5.

32 D.W. Krüger (hoofred.), ***Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek***, p.789.

kon lewer.[33] In 1928 het die aanvaarding van die Yster- en Staalwet aanleiding tot die stigting van Yskor gegee. Sukses kon deur H.J. van der Bijl en sy mense behaal word, omrede hy deeglik beplan het. Hy het ook mense oorsee gestuur om meer van die staalbedryf te leer. Dié groep jong ingenieurs het in Engeland as "Van der Bijl's forty thieves" bekend gestaan.[34]

Reeds voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog (1939) was dit al duidelik dat die plaaslik vervaardigde staal nie in al die behoeftes van Suid-Afrika kon voorsien nie. Die bedrywighede van Yskor te Pretoria is daarom verder uitgebrei. As gevolg van die oorlog is net kleiner uitbreidings in Pretoria aangebring om aan die aanvraag na oorlogsbehoeftes te voldoen, soos om spesiale staal vir skeepsherstelwerk en pantsermotors te lewer. Teen 1942 het die Yskorwerke te Pretoria egter sy volle uitbreidingskapasiteit bereik. 'n Nuwe staalfabriek met genoeg ruimte vir uitbreiding was 'n noodsaaklikheid.

Dr. H.J. van der Bijl en sy direkteure het in die lig van hierdie omstandighede besluit om 'n geskikte terrein met die volgende eienskappe te bekom, naamlik genoeg ruimte, volop water en die voorsiening van elektrisiteit. Die Vereeniging omgewing wat toe al as 'n swaar nywerheidsentrum ontwikkel het, is as die aangewese plek beskou.[35]

Die grond vir die nuwe Yskorwerke te Vanderbijlpark is waarskynlik deur die toedoen van kolonel Kallie Rood, LV vir Vereeniging, en bekende op talle terreine, bekom. "Ek onthou dat ek een oggend vroeg toe ek nog op Unitas Park net buite Vereeniging gewoon het, vir dr. H.J. van der Bijl gaan wys het waar die geskikte plek vir so 'n fabriek is."[36]

Na hierdie besoek van dr. Van der Bijl aan Vereeniging is dr. F. Meyer, algemene werkebestuurder van Yskor, en 'n senior amptenaar opdrag gegee om grond vir die

---

[33] C.S. Richards, ***The iron and steel industry in South Africa*** (unp. D.Sc.-thesis, Rand University College (UNISA), 1941), pp.70,76.

[34] A. Jacobs, ***South African heritage ...***, p.189.

[35] Anon., ***Opening van die yster en staalwerke te Vanderbijlpark, Oktober 1952 deur hul eksellensies die Goewerneur-generaal en mev. E.G. Jansen***, pp.10-11.

[36] K. Rood, Onderhoud, 7 Maart 1979 (kasset in besit van Vereeniging Museum).

nuwe staalwerke te bekom. Mnr. W.J. Lamont het die onderhandelings voortgesit en opsies verkry om die geïdentifiseerde plase te koop.[37]

'n Groot gedeelte van die grondgebied waarin Yskor belanggestel het, het aan Vereeniging Estates, 'n filiaal van die Marksgroep, behoort. Mnr. Louis Marks het nagenoeg 5 000 hektaar plaasgrond teen R52 per hektaar aan Yskor aangebied. [38] Verskeie ander plase is sedert 1942 deur Yskor aangekoop. Die oorspronklike plase waarop Vanderbijlpark met verloop van tyd sou ontwikkel is: Vijffontein no. 592; Houtkop no. 594; Leeuwkuil no. 596; Cyferpan no. 549; Klipfontein no. 593; Zuurfontein no. 591, Rietkuil no. 554 en Rietspruit no. 536.[39] Ontwikkeling op hierdie plase het tot die stigting van die nywerheidsdorp Vanderbijlpark gelei.

Dr. H.J. van der Bijl wou egter nie net 'n staalfabriek oprig nie, maar 'n goedbeplande nywerheidstad ontwikkel. Aanvanklik is net 'n plaatwalsery en woonhuise vir werknemers opgerig. Die plaatwalsery is teen 1947 uitgebrei om uiteindelik in 'n groot geïntegreerde staalfabriek te ontwikkel, wat platprodukte in 'n halfdeurlopende proses vervaardig. Teen 1952 is hierdie uitbreidingsplanne vir die nuwe staalfabriek verwesenlik. Die werke het sowat 360 000 ton staalprodukte per jaar vervaardig en aanverwante sekondêre nywerhede het ook vinnig ontwikkel.[40]

Die grondstowwe wat deur die Vanderbijlparkwerke gebruik word, is onder andere steenkool wat van Witbank en Natal, ystererts van Thabazimbi, kalk van die Oos-Kaap, dolemiet van Pretoria en ferro-legerings van Amcor te Vereeniging. Elektrisiteit is deur Eskom en water deur die Randse Waterraad uit die Vaalrivier, voorsien. Vir die oprigting van die werke is vuurvastemateriaal van Olifantsfontein en Vereeniging se steenwerke verkry. Swaar ingenieursdienste is deur Vikor en ander ingenieursfirmas gelewer.[41]

---

[37] P.J.J. Prinsloo, "A dream that became reality: the burning ambition of one man led to the establishment of Vanderbijlpark", T. Oosterbroek (ed.), ***Vaal river complex: industrial growth point of the eighties*** (supplement to South African Industrial Week), p.132.

[38] M.F. Drake, ***The iron and steel, metal and engineering industry in the Pretoria-Witwatersrand-Vereeniging region*** (unp. M.A.-dissertation, UW, 1971), pp.19-58.

[39] Vgl. Suid-Afrika (Republiek) & Kantoor van die Landmeter-generaal, ***Alfabetiese lys van plase in die provinsie Transvaal***, pp.30 e.v.; kyk kaart no. 1, in binnekant van agterblad; vgl. ook Aktekantoor, Pretoria, Registrasie afdeling IQ, bande 89,95,96,97: eienaarsregisters.

[40] Anon., ***Opening van die yster en staalwerke te Vanderbijlpark ...***, p.11.

[41] Anon., ***Opening van die yster en staalwerke te Vanderbijlpark ...***, p.13.

Voorsiening moes na die oprigting van die werke vir die berging van grondstowwe gemaak word. Die steenkoolbunkers is byvoorbeeld naby die kooksoonde aangelê en voorsiening vir die berging van erts en kooks moes ook by die hoogoonde gemaak word. Wateropgaardamme en talle ander gespesialiseerde bergingsfasiliteite moes ook aangebring word. Vanderbijlparkse Yskorwerke het op hierdie stadium uit die volgende afdelings bestaan:

- Die Metallurgiese afdeling wat die kooksoonde, hoogoonde en staalsmeltery insluit.

- Die walswerke afdeling wat die diepoonde, die blokwalswerke, die herverhittingsoonde, die plaatwalswerke, die warmband walswerk, die deurlopende bytaanleg, die kouebandwalswerk, die deurlopende galvaniseringsbane, die bandreinigingsbane en uitgooi-oonde, die temperwals, die knip- en splitsbane en die tinskagte insluit.

- Die versendingsafdeling.

- Die werktuigkundige afdeling moes die algehele onderhoud van die staalwerke hanteer. Hierdie afdeling was ook vir die verspreiding van water en elektrisiteit, verskaffing van druklug en stoom, asook afvoerstelsel verantwoordelik. Hierdie afvoerstelsel moet die skadelike stowwe en afvoerwater wat van die verskillende afdelings van die werke afkomstig is, vir hergebruik en afvoer na die Vaalrivier behandel.[42]

- Aandag is ook aan die veiligheidsaspekte van die staalwerke gegee.

- Algemene administratiewe dienste soos byvoorbeeld produksiebeplanning, ontvangs en verspreiding van grondstowwe en die afsending van verwerkte produkte, die opstel van produksie- en voorraderegisters en kosteberekening. is ook gelewer. 'n Goedgeorganiseerde personeeldiens moes daar gestel word om as skakel tussen die korporasie en sy werknemers te dien.

- Interne vervoer moes georganiseer word om materiaal op 'n deurlopende basis by verskillende punte te besorg.

- Die laboratoriumafdeling moes produkte toets om te verseker dat produksie aan die voorgeskrewe standaarde voldoen.

---

[42] Anon., ***Opening van die yster en staalwerke te Vanderbijlpark*** ..., p.13.

- Mediese dienste is ook verskaf.[43]

Hierdie bogenoemde afdelings was nodig om die nuutgestigde Vanderbijlparkse Yskorwerke suksesvol in bedryf te stel, en het meegebring dat 'n nywerheidsgemeenskap wes van Vereeniging gevestig is.

H.J. van der Bijl het verbeeldingryke ideale vir hierdie Vanderbijlparkse gemeenskap gehad. Hy het veral besef dat behuising 'n noodsaaklikheid vir die werknemers van die nuwe staalwerke was. Hy het ook beplan vir ander industrieë, professies en besighede, wat hulle in die dorp sou vestig. H.J. van der Bijl het dit duidelik gestel dat die nuwe dorp deeglik beplan sou wees.[44] Hy het die volgende oor dorpsbeplanning gesê:

"To take part in the creation of a town *ab initio* is a very exciting and enlightening experience. Town building has a fascinating, human interest and is an enterprise in itself. One derives a unique pleasure and satisfaction in sharing in a great piece of physical constructive work and to see it shaping itself under one's eyes as the result of many hours of thought and labour. The permanence of the result is no small part of its attractiveness. One cannot but realise to the full that the great fabric under construction, properly planned, is not only bound to produce better surroundings and environment for the thousands of people populating the town during generations to come, but will have a profound and far-reaching effect on their general health, their contentedness and state of mind and their efficiency. Of what other form of human activity is that true in the same direct and comprehensive sense? Planning and building a town in the way we are doing here is indeed a great human service."[45]

Van der Bijl het homself ten doel gestel dat hierdie nuwe industriële dorp aan sy inwoners alle nodige geriewe en ontspanning sou verskaf. Hy sou ook sorg dat Vanderbijlpark nie as 'n vuil industriële dorp ontwikkel nie. Lugbesoedeling sou sover as wat menslik moontlik is, beperk word.[46] H.J. van der Bijl wou Vanderbijlpark in die "Hyde Park" van Suid-Afrika laat ontwikkel.[47]

---

[43] Anon., ***Opening van die yster en staalwerke te Vanderbijlpark*** ..., pp.14-44.

[44] H.J. van der Bijl, ***The creation and planning of Vanderbijl Park*** (unp. paper, IMTR conference, 6 May 1947), p.98.

[45] H.J. van der Bijl, ***The creation and planning of Vanderbijl Park***, p.99.

[46] A. Jacobs, ***South African heritage*** ..., p.194.

[47] P.J.J. Prinsloo, "A dream that became reality ...", p.134.




Foto no. 2: Vesco Raad
**Links na regs:** E.B. Scott, C. Harris (sekretaris), E.C. Oldridge (bestuurder), H.J. van der Bijl (voorsitter), A.M. Hagart en J.E.K. Tucker.
Bron: Vanderbijlpark Stadsraad, Openbare Biblioteek, Fotoversameling.

Die beplanning van Vanderbijlpark het begin met 'n studie van moderne dorpsbeplanning. Sketse en modelle is saamgestel, verander en bespreek. Daar is na perfeksie gestrewe. Vanderbijlpark moes geen oorbevolkte plakkersgebiede wat rondom industrieë ontstaan hê nie. Almal, blankes en swart mense, moes binne bereik van hulle werkplekke wees, sonder die gevaar van opeenhoping, onnodige vervoergeld en tydvermorsing. Die grond waarop Vanderbijlpark geleë is, styg geleidelik vanaf die Vaalrivier noordwaarts en op die hoogste punt is die opgaardamme gebou. Alle industrieë en veral Yskor is in die noordelike hoek van Vanderbijlpark se grondgebied opgerig. Op die suidelike gedeelte van die grond naby die industrieë is die swart woongebiede ontwikkel. Hierdie woongebiede is van die blanke woongebiede deur groengordels geskei. Die swart woongebiede is ook deeglik beplan en uitgelê, om tevrede en gelukkige inwoners daar te stel. In die beplanning is ook voorsiening vir parke, groengordels, skole, klinieke en hospitale gemaak. Aan die buitewyke van die swart woongebiede is ook groot ontspanningsgronde beplan en in die middel van elke gebied is ook aan hostels, hotelle en eethuise vir die inwoners aandag gegee. Alle dienste wat aan die blankes gelewer sou word, is ook in die swart woongebiede aan die inwoners gelewer.[48]

Sorg is gedra dat daar 'n duidelike onderskeid tussen woongebiede en industriële gebiede gemaak is. Woongebiede sou in selfstandige gebiede, met eie besigheidsentrums, skole, speelparke, kerke, ensovoorts ontwikkel word. 'n Gebied is ook vir die stadsentrum opsy gesit, waar die munisipale kantore, landdroshowe, banke, teaters, poskantoor en 'n winkelsentrum opgerig sou word. Die vervoernetwerk is so beplan dat die dorpsentrum en woonbuurtes vir almal deur die breë dubbelweë bereikbaar sou wees. Die beplande vervoernetwerk sou ook hindernisvrye verkeersvloei meebring. Die dorp is langs die Vaalrivier uitgelê, waar 'n deel van die rivierfront as Emfulenipark ontwikkel is. Die uitleg van die dorp is ook so gedoen dat daar genoeg parke, groengordels en sportvelde tussen en in die woongebiede is. Die ideaal van Van der Bijl was om 'n dorp te skep wat ook oor genoeg oop ruimtes sou beskik.[49]

Om H.J. van der Bijl in sy dorpsontwikkeling en -beplanning by te staan is 'n niewinsgewende maatskappy, Vanderbijlpark Eiendomsmaatskappy (Vesco), volgens afdeling 21 van die Maatskappywet van 1926 gestig[50] en volgens stigtingssertifikaat no.

---

[48] A. Jacobs, ***South African heritage*** ..., pp.196-198.

[49] A. Jacobs, ***South African heritage*** ..., pp.190-191; kyk ook kaart no. 3, in binnekand van agterblad.

[50] Anon., ***Opening van die yster en staalwerke te Vanderbijlpark*** ..., p.45.

V.C. 18305 op 28 Desember 1944 geregistreer.[51] Met die eerste raadsvergadering van die nuutgestigde maatskappy op 11 en 12 Januarie 1945 te Eskom Huis in Johannesburg, is die eerste direkteure, naamlik dr. H.J. van der Bijl, mnre. A.M. Hagart, E.B. Scott en S.J. Liebenberg ook aangewys. Dr. H.J. van der Bijl is as voorsitter en mnr. E.B. Scott as uitvoerende direkteur van die maatskappy aangewys. Mnr. E.C. Oldridge is as sekretaris van die maatskappy aangewys.[52] Die stigtingsdoelstellings van hierdie maatskappy was soos volg:

1. Om vaste eiendom te koop, aan te skaf of te huur en genoemde vaste eiendom te verkoop, te verhuur of andersins van die hand te sit.

2. Om die pligte van stadsbeplanners, dorpsgebiedeienaars en eiendomsagente te aanvaar.

3. Om geboue vir woon- en ander doeleindes op te rig, asook bouwerke van enige ander aard vir gemeenskaplike en ander doeleindes te onderneem, en dit te verkoop of te verhuur op sodanige wyse wat die maatskappy na eie goeddunke mag besluit.

4. Om voorsiening te maak, of te laat maak, vir die verskaffing van dienste soos beligting, verwarming, krag, dreinering, riolering, water en ander benodigdhede vir die gerief van die bewoners van die gebied, of enige naburige gebied, en om sodanige dienste en benodigdhede te verskaf op die wyse wat die maatskappy na eie goeddunke mag besluit.

5. Om voorsiening te maak, of te laat maak, vir 'n vervoerstelsel vir persone of goedere.

6. Om geld uit te leen:

   (i) met die doel om persone in staat te stel om vaste eiendom in die gebied te verkry of om hulle in staat te stel om geboue op te rig of eiendomme te verbeter;

   (ii) die oprigting van werksgeleenthede vir gemeenskaplike of openbare doeleindes;

---

[51] Vanderbijl Park Eiendomsmaatskappy (Vesco), Vanderbijlpark, Vesco accession, Minute of Board meeting no. 1, 11 and 12 January 1945.

[52] Vesco, Vanderbijlpark, Vesco accession, Minute of Board meeting no. 1, 11 and 12 January 1945.

(iii) vir die bevordering van die belange van die bewoners van die gebied.[53]

Terwyl die beplanning van Vanderbijlpark nog in die beginstadium was, het H.J. van der Bijl die volgende gesê: "I shall probably not live to see the coming of the full realisation of the ideals I cherish for this place but when it comes I hope it will be a model, a place where people from the highest to the humblest can say 'It is good to be alive.'"[54]

H.J. van der Bijl het ook sy siening van die ontwikkeling van 'n dorp só weergegee: "A town, like a flower or a tree should at each stage of its growth possess symmetry and completeness, and the effort of growth should never be to destroy that unity but to give it greater purpose, not to mar the symmetry, which at all stages makes it a comprehensive whole."[55] Van der Bijl wou graag bogenoemde in Vanderbijlpark sien gebeur, omrede dit sy ideaal was om 'n modeldorp daar te stel. Hierdie ideaal word deur die volgende uitspraak van Van der Bijl geïllustreer: "It is my desire and the desire of my colleagues, my technicians and my administrators, and all responsible for the creation of Vanderbijl Park, that the town shall not be dependent upon the new steel works alone, but that it shall be a balanced town, offering employment to all trades and professions."[56]

Die beplanning en ontwikkeling van Vanderbijlpark sou egter nie net by woorde bly nie, maar daar is met groot sorg gepoog om hierdie ideale uit te voer. Hierdie opvatting word ook duidelik deur die ontwikkeling van die dorpsbestuur en verskeie kommissies se insette in die ontwikkeling van Vanderbijlpark weerspieël.

---

[53] Anon., ***Vanderbijlpark Eiendomsmaatskappy*** (geskiedenis en vooruitsigte), pp.1-2; TAB, Pretoria, HEN, band 2409, TALG 437/6/137: Vanderbijlpark Estate Company registration, 28 December 1944.

[54] A. Jacobs, ***South African heritage ...***, p.204.

[55] H.J. van der Bijl, ***The creation and planning of Vanderbijl Park***, p.100.

[56] H.J. van der Bijl, ***The creation and planning of Vanderbijl Park***, p.109.




Foto no. 3: Vanderbijlpark Gesondheidskomitee, 1948.
**Staande links na regs:** J. Peacock, E.L.D. Jacobs, P.R. Anderson.
**Sittende links na regs:** C.L. Harris, E.C. Oldridge (voorsitter), dr. W.R. Mondriaan.
Bron: Vanderbijlpark Stadsraad, Openbare Biblioteek, Fotoversameling.

## 1.3 'N OORSIG VAN DIE BESTUURSGESKIEDENIS EN DIE SIMBOLIEK VAN VANDERBIJLPARK

Die bestuursgeskiedenis van Vanderbijlpark het deur verskeie stadia gegaan, voordat in 1952 volwaardige munisipale status aan die dorp toegeken is. Daar sal nou kortliks op hierdie geskiedenis ingegaan word.[57]

Soos reeds genoem, het die dorp sy ontstaan te danke aan die Yskorplaatmeule wat hier opgerig is, en in 1943 in bedryf gestel is. Meer mense het hulle hier gevestig en mettertyd is 'n behoefte aan 'n vorm van plaaslike bestuur gevoel. Aanvanklik het Vesco alle dienste gelewer. In 1943 is die eerste vorm van 'n bestuurstelsel deur die inwoners ingestel, wat as 'n Werdakomitee of Waaksaamheidskomitee bekend gestaan het. Die komitee het spesifiek die inwoners se belange op die hart gedra.[58]

Die eerste werklike plaaslike bestuursliggaam in Vanderbijlpark is deur die Buitestedelike Gesondheidsraad aangestel. Die lede was sir E. Thornton, mnre. E.B. Scott (voorsitter), E.C. Oldridge, S.J. Liebenberg, G.R. Wood (eresekretaris). Die bestuur se eerste vergadering is op 15 Januarie 1945 in Pretoria gehou. As gevolg van 'n uitspraak van die Hooggeregshof op 5 November 1946, wat die magte van 'n Buitestedelike Gesondheidsraad bevraagteken het, is hierdie eerste plaaslike bestuursliggaam ontbind.[59]

'n Aansoek is tot die Administrateur van Transvaal gerig om 'n Gesondheidskomitee aan te stel. Dié versoek het op 24 Desember 1946 tot die genomineerde aanstellings deur die Administrateur gelei. Deur Administrateurskennisgewing no. 187 is mnre. P.R. Anderson, S.J. Liebenberg, E.C. Oldridge, C.L. Harris, E.B. Scott en dr. W.F. Mondriaan as eerste lede aangestel.[60] Die stigtingsvergadering van die nuwe Gesondheidskomitee is op 3 Januarie 1947 gehou.[61] Die werksaamhede van die Gesondheidskomitee is deur die personeel van Vesco teen vergoeding behartig. Op

---

57 Hierdie verhandeling vorm deel van 'n groter navorsingsprojek. Die fase voor 1952 word in 'n aparte studie beskryf.

58 Anon., ***Vanderbijlpark 21 years of progress***, p.31.

59 Anon., ***Vanderbijlpark 21 years*** ..., p.32.

60 Provinsie Transvaal, "Stigting van die Gesondheidskomitee Vanderbijl Park", proklamasie no. 187, ***Offisiële Koerant***, vol. 119, no. 1997, 24 Desember 1946, p.493.

61 Anon., ***Vanderbijlpark 21 years*** ..., p.32; H.J. Henning, Onderhoud, 10 April 1991 (kasset in besit van die skrywer).




Foto no. 4: Die eerste gedeeltelik verkose / gedeeltelik genomineerde gesondheidskomitee, 1951.
**Staande van links na regs:** S.G. Waterston, J.K. Peacock, L.C. Lindeque, J.A. Kriel, P.R. Anderson, A.G.H. Laubser.
**Sittende van links na regs:** P.R. Nell (sekreratis), dr. C.P. de Wet (voorsitter), E.C. Oldridge.
Bron: Vanderbijlpark Stadsraad, Openbare Biblioteek, Fotoversameling.

1 April 1948 is E.R. Burnett as eerste voltydse amptenaar van die Gesondheidskomitee aangestel.[62]

Die Gesondheidskomitee het op 17 Augustus 1950 die Administrateur van Transvaal versoek om hul ledetal van ses na nege lede te verhoog. Hierdie versoek is goedgekeur en in Administrateursproklamasie no. 183 van 1950 bekragtig.[63] Die drie bykomende lede sou deur die inwoners verkies word. Die 2226 stemgeregtigde kiesers het op 8 November 1950 mnre. L.C. Lindeque, J.A. Kriel en dr. C. de Wet verkies.[64] Die Gesondheidskomitee se werksaamhede het so uitgebrei dat al meer funksies deur hulle behartig is, asook talle aanstellings wat gemaak is om die dienste te lewer. Teen ongeveer 1951 is nog net die boekhouding en tegniese dienste namens die Gesondheidskomitee deur Vesco verrig. Die Gesondheidskomitee het hom ten doel gestel om al die noodsaaklike dienste aan die gemeenskap te verskaf.[65] Die Gesondheidskomitee was egter verplig om 'n ooreenkoms met Vesco aan te gaan, ten opsigte van die lewering van noodsaaklike dienste. Die ooreenkoms is op 24 Desember 1946 bekragtig en sou vir 20 jaar tot en met Desember 1964 geld.[66]

Die latere Stadsraad van Vanderbijlpark het die oorname van die noodsaaklike dienste by Vesco aanhangig gemaak en op hierdie wyse is 'n 7 jaar lange onderhandelingsproses begin. Hierdie onderhandelinge tussen die Stadsraad en Vesco het redelik stram verloop. Die eerste datum vir oorname is vir 5 Desember 1955 bepaal.[67] Daar het egter niks gebeur om hierdie oorname te laat realiseer nie, en die Stadsraad het verskeie kere by Vesco oor hierdie saak navraag gedoen.

---

[62] Anon., ***Vanderbijlpark 21 years ...***, p.33.

[63] Provinsie Transvaal, "Hersamestelling van die Gesondheidskomitee van Vanderbijlpark", administrateursproklamasie no. 183, ***Offisiële Koerant***, vol. 134, no. 2223, 23 Augustus 1950, pp.416-421; Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Pretoria, Direkteur van Plaaslike Bestuur, Transvaal (TPB), band 2187, TALG 2/17704: Vanderbijlpark appointment of members, 1948-1951, 1 April 1950.

[64] Anon., ***Vanderbijlpark 21 years ...***, p.33.; H.J. Henning, Onderhoud, 10 April 1991 (kasset in besit van die skrywer).

[65] P.R. Nell, ***Die geskiedenis van Vanderbijlpark, 1941 - Desember - 1951***, pp.9-13.

[66] Town Council of Vanderbijlpark, Correspondence, 3 April 1947 - 15 May 1953, file 2/6, vol. 1: deed of agreement between Vanderbijl Park Health Committee and Vanderbijl Park Estate Company whereas Vanderbijl Park Health Committee, 1 March 1950.

[67] Town Council of Vanderbijlpark, Finance and Joint Committee, Reports, 19 January 1956 - 26 March 1956, vol. 16: report, 2 March 1956.

Die oorname van die noodsaaklikheidsdienste het in Augustus 1959 tydens 'n unieke seremonie in die geskiedenis van plaaslike bestuur plaasgevind. Dr. F. Meyer, die voorsitter van Yskor, het saam met Vesco die noodsaaklikheidsdienste van £2,200,000 aan die burgemeester, raadslid J.M. van Rooyen, oorhandig. Die oorhandiging het 'n einde aan 7 jaar se onderhandelinge gebring.[68]

Vir verskeie jare is gevoel dat Vanderbijlpark op volle munisipale status met 'n verkose stadsraad aanspraak kan maak. Op 27 Januarie 1952 het die administrateur van Transvaal, dr. W. Nicol, bekend gemaak dat die Uitvoerende komitee van Transvaal besluit het om Vanderbijlpark as munisipaliteit met 'n eie stadsraad te verklaar.[69] Die eerste volwaardige munisipale verkiesing in Vanderbijlpark is op 29 Oktober 1952 gehou. Met die verkiesing was daar 3528 geregistreerde kiesers op die kieserslys. Die manlike kieserstal het dié van die vroue met 1003 kiesers oortref. Die nuwe munisipaliteit sou in nege wyke verdeel word en met 'n bevolking van ongeveer 16 500 sou die stelsel van een-man verteenwoordiging per wyk aangeneem word.[70] Die lede van die eerste verkose stadsraad was dr. C. de Wet, mnre. L.W.J. Stieler, A.J. Engelbrecht, C.A. Herbst, S.G. Waterston, H.L. Rogers, B.P. Cadwell, F.A. Rousseau en D.C. Manley.[71] Die stadsraad het alle werksaamhede en funksies wat deur die Gesondheidskomitee verrig is, oorgeneem. Daar is ook 'n daadwerklike begin gemaak om aan Vanderbijlpark sy eie simbole te gee.

'n Geskikte naam vir die nuwe nywerheidstad moes gevind word. Die dorpsnaam Vanderbijlpark is uit die volgende voorstelle gekies: Van der Bijl; Vanderbijl; Vanderbijlpark; Vanderbijl Park, Vanderbijlstad, Vanderbijlton, Vanderbijlville, selfs 'n naam soos Hendriksburg is voorgestel. Daar moes ook nog oor die spelwyse besluit word.[72]

---

[68] Vereeniging Museum, F.A.V. Day newspaper cuttings, 13 November 1958 - 12 September 1959, ref. no. 03/3234, ***Rand Daily Mail***, 17 August 1959: report.

[69] Anon., ***Vanderbijlpark 21 years ...***, p.35.

[70] J. Ryan (ed.), ***Official South African municipal yearbook, 1952-1953***, p.305; Vereeniging Museum, F.A.V. Day newspaper cuttings, 14 June 1952 - 6 March 1953, ref. no. 03/3219, ***Rand Daily Mail***, 18 July 1952: report.

[71] Town Council of Vanderbijlpark, Minutes, 13 November 1952 - 16 September 1954, vol. 4: minute, 13 November 1952; Anon., ***Vanderbijlpark 21 years ...***, p.35.

[72] Eskom, Megawattpark, H.J. van der Bijl-koerantknipselversameling, vol. 3, ***Huisgenoot***, vol. 29, no. 1193, 2 Februarie 1945: artikel.





Foto no. 5: Vanderbijlpark dorpswapen en leuse.
Bron: Vanderbijlpark Stadsraad, Openbare Biblioteek, Fotoversameling.

Die spelling van "Vanderbijlpark" het verwarring veroorsaak, omdat die dorpsnaam verskillend in albei amptelike landstale geskryf is. Die Engelse skryfwyse was "Vanderbijl Park", terwyl die Afrikaanse skryfwyse "Vanderbijlpark" was. Die Stadsraad het gevoel dat die onsekerheid uit die weg geruim moes word. Hulle het die Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap (Pleknamekomitee) genader.

Op 10 November 1952 het hulle die aanbeveling ontvang dat "Vanderbijlpark" as skryfwyse in albei amptelike landstale aanvaarbaar was, volgens die beginsels van die Pleknamekomitee.[73]

Aandag is ook aan 'n dorpswapen en leuse vir Vanderbijlpark gegee. Die Gesondheidskomitee het al vroeg in die jare vyftig besluit dat 'n dorpswapen en leuse vir Vanderbijlpark nodig was. Die hele poging is deur middel van 'n kompetisie geloods, wat lede van die publiek sou aanmoedig om 'n dorpswapen en leuse te ontwerp. Op 26 Februarie 1952 is verslag gelewer dat verskeie ontwerpe en leuses van die publiek ontvang is. Na oorweging is die ontwerp van mnr. A. Reynolds van Pretoria vir die dorpswapen aanvaar. Die dorpswapen is hoofsaaklik uit die familiewapen van die Van der Bijl-familie saamgestel. Toestemming is van majoor P. van der Bijl verkry om die wapen te gebruik.[74]

**Die dorpswapen is soos volg beskryf:**

**Kleure:** die agtergrond van die Van der Bijl-familiewapen is groen, wat vir die hoofkleur van die dorpswapen gebruik is.

**Ontwerp:** aangesien dr. H.J. van der Bijl die stigter van die dorp was, is daar ook sekere kenmerke van die Van der Bijl-familiewapen in die dorpswapen opgeneem, soos:

***die roos:*** in oorspronklike vorm en goudkleurig;


***die koei se kop:*** silwerkleurig.

**Nuwe kenmerke:** ***die protea***: silwerkleurig, is in Suid-Afrika die simbool van 'n park of tuindorp;

---

[73] Town Council of Vanderbijlpark, Minutes, 13 November 1952 - 16 September 1954, vol. 4: minute, 27 November 1952.

[74] Anon., "Onze gemeentewapens Vanderbijlpark", ***Nieuws uit Zuid-Afrika***, vol. 12, no. 2, Julie 1972, p.23.




Spotprent no. 2: Die staalburgermeestersketting van Vanderbijlpark.
Bron: ***Daily Mail***, 20 December 1952: Caricature.

*die bye*: goudkleurig op 'n rooi keper met swart en wit omlyn, stel die nywerheid voor wat kenmerkend is van die dorp se ontwikkeling;.

*die leuse:* "Nostri Cura Futuri" wat "Ons sorg is in die toekoms" beteken, word in swart letters op 'n band onderom die skild aangetoon.[75]

Op 23 September 1952 het die Gesondheidskomitee die saak van die ampskettings van die burgemeester- en burgemeestersvrou bespreek. Daar is voorgestel dat die ketting van roesvrye staal gemaak moes word. Thabazimbi-erts sou verkry word en die staal sou op Vanderbijlpark gegiet word. Die komitee het gedink dat dit gepas sou wees om hierdie staal te gebruik, om die ontstaan van die staaldorp te illustreer. Die aangeleentheid is op 'n nie-amptelike grondslag met dr. F. Meyer, die voorsitter van Yskor bespreek. Hy wou egter graag 'n sketsplan van die voorgestelde ketting sien en gevolglik is Vesco versoek om 'n ontwerp vir die ketting te teken. Laasgenoemde het die taak op hulle geneem, maar voorgestel dat die ketting deur 'n juweliersfirma gemaak moes word. Dr. F. Meyer het ook onderneem om die kettings aan die Stadsraad te skenk.[76]

Daar is ook met hierdie staalburgemeesterketting gespot en die meegaande spotprent is 'n humoristiese voorstelling van die aangeleentheid.

Daar is ook besluit om die burgemeester en raadslede van ampsgewade te voorsien, wat tydens raadsvergaderings en ander burgerlike funksies gebruik sou word.[77] Teenkanting is egter ten opsigte van die ampsgewaad uit die geledere van die raadslede ontvang. Raadslid S.G. Waterston was van mening dat die gebruik van 'n ampsgewaad deur 'n burgemeester nie 'n ware Afrikaanse tradisie is nie. Hy was verder van mening dat mense moes probeer om hulle eie tradisies op te bou. Die feit dat 'n burgemeester van 'n ampsgewaad voorsien word, verhoog nie die status of waardigheid van 'n dorp nie; dit kan egter gedoen word deur eerlike en regverdige behartiging van belastingbetalers se sake. Raadslid L.W.J. Stieler was van mening dat 'n ampsgewaad wel voorsien moes word, aangesien dit 'n gebruik is wat dwars-

---

[75] Town Council of Vanderbijlpark, Correspondence, 27 October 1960 - 3 March 1965, file 222/3, vol. 3: letter from J.H. du Plessis to C.E. Mayoss, 1 September 1964.

[76] Town Council of Vanderbijlpark, Reports, 9 November 1953 - 22 April 1954, vol. 7: report, 25 March 1954.

[77] Town Council of Vanderbijlpark, Reports, 9 November 1953 - 22 April 1954, vol. 7: report, 25 March 1954.



Foto no. 6: Burgemeester dra volle ampsgewaad.
Bron: ***Vereeniging News***, 9 April 1954: report.

deur die Unie gevolg word. Raadslid Kilian het gesê dat hy dit nie eens met die verskaffing van 'n ampsgewaad is nie, maar hy voel tog dat Vanderbijlpark Stadsraad een moes aanskaf. Raadslid Jamneck het gesê dat, alhoewel hy ten gunste van die voorstel gestem het, hy egter nie met die beginsel van die gebruik saamstem nie.[78]

Die burgemeester, raadslid C.A. Herbst, het ook gereageer deur te sê, alhoewel dit 'n uitlandse gebruik is, dit egter van 'n dorp verwag word dat, wanneer 'n spesifieke status bereik is, die burgemeester van 'n ampsgewaad vir sekere geleenthede gebruik moet maak. By formele burgemeestersbyeenkomste dra al die burgemeesters kettings en ampsgewade. Daar is volgens raadslid C.A. Herbst ook geen twyfel dat die waardigheid van 'n dorp dan aangetas word, en die burgemeester in 'n verleentheid gestel word, indien die raad nie oor ampsgewade en ampskettings beskik nie.[79]

Die burgemeesterketting is amptelik op 6 November 1954 tydens 'n burgerlike funksie in die saal van Yskor ontspanningsklub, aan die Burgemeester van Vanderbijlpark oorhandig. [80]

Vrae het ook ontstaan oor wanneer die ampsgewade en in sommige gevalle, die lapelwapens gedra moes word. Die stadsklerk, mnr. P.R. Nell, se vertolking van die aangeleentheid was dat die burgemeester sy ketting by alle amptelike geleenthede en formele geleenthede wanneer die raad amptelik verteenwoordig word, gedra moet word. 'n Definitiewe reël kon nie ten opsigte van verteenwoordigende hoedanigheid van 'n burgemeester by 'n informele geleentheid neergelê word nie. Elke burgemeester het sy eie sienswyse omtrent die saak. Die volle ampsgewaad moes ook by raadsvergaderings, burgerlike kerkdienste, burgerlike begrafnisse, wanneer koninklike of hoogwaardigheidsbekleërs ontmoet word, in 'n amptelike hoedanigheid saluut geneem word en by 'n militêre parade gedra word. Die burgemeester dra slegs die ampsketting wanneer 'n funksie bygewoon word waar 'n goewerneur-generaal, 'n kabinetsminister of 'n persoon op die voorkeurlys amptelik teenwoordig

---

[78] Town Council of Vanderbijlpark, Correspondence, 16 September 1952 - 31 December 1964, file 232/10, vol. 1: extract from the minute of the Town Council meeting no. 17, 25 March 1954.

[79] ***Vanderbijlpark News***, 2 April 1954: report.

[80] Town Council of Vanderbijlpark, Correspondence, 16 September 1952 - 31 December 1964, file 232/10, vol. 1: extract from the minute of the Finance and Joint Committee meeting no. 24, 7 October 1954.



Foto no. 7: Wordingstandbeeld
Bron: Vanderbijlpark Stadsraad, Openbare Biblioteek, Fotoversameling.

is, as hy 'n kongres open of by 'n noenmaal en sekere geleenthede vir kinders, oues-van-dae en swart mense as gasheer optree.[81]

Vanderbijlpark het ook 'n ander simbool wat die wording van die dorp simboliseer. Dit is die Wordingstandbeeld. Hierdie standbeeld simboliseer die planne en ideale wat dr. H.J. van der Bijl vir Vanderbijlpark gekoester het. Hierdie "WORDING"-beeldjie is oorspronklik in 1944 deur die beeldhouer Hennie Potgieter as 'n vrye skepping gemaak. Die beeldjie het vir hom die "wording" van 'n nuwe Afrikanervolk gesimboliseer. Dit simboliseer die mens se groei. Die man wat die mens voorstel probeer homself uit die rots waaruit hy groei, losskeur, maar kom tot die besef dat hy nie die krag en vermoë daartoe het nie. Met ander woorde, dit is eintlik die materialisme en aardsgebondenheid wat hom omklem. Met die ander hand reik hy na die lig om tot God te smeek om hom los te maak van die kragte wat hom aardsgebonde hou.[82]

Dr. F. Meyer se vrou het so 'n beeldjie bekom. Tydens 'n reis van dr. F. Meyer en H.J. van der Bijl na Thabazimbi, het eersgenoemde die beeldjie onder die aandag van H.J. van der Bijl gebring. Hy was dadelik opgewonde oor die beeldjie en het dit as 'n simbool van sy idealisme vir Vanderbijlpark gesien. Vesco het dit gedurende 1947 paslik geag om Vanderbijlpark se groei te herdenk. Die keuse van 'n standbeeld het op die beeldjie van Hennie Potgieter geval. Op 19 Desember 1947 het Hennie Potgieter die opdrag ontvang om 'n bronsstandbeeld twee maal lewensgrootte, op die model van die oorspronklike beeldjie te giet. Mnr. Potgieter het die opdrag aanvaar en het vanaf 15 Februarie 1949 - 4 September 1949 aan die standbeeld gewerk. Hy het £3 500 vir die standbeeld van ongeveer twee ton ontvang. Die voetstuk is deur ene W.R. Barker van Pretoria vervaardig en teen 'n koste van £434 opgerig. Die keuse vir die terrein waar die beeld opgerig moes word, het in CW 2-dorpsgebied by die Westcliffe-winkelsentrum geval, aangesien die sentrum as tydelike dorpsentrum ontwikkel sou word.[83]

Die Wordingstandbeeld was in daardie stadium die enigste beeld van daardie grootte wat niks met 'n historiese insident te doen gehad het nie.[84]

---

81 Town Council of Vanderbijlpark, Correspondence, 16 September 1952 - 31 December 1964, file 232/10, vol. 1: brief van P.R. Nell aan die Sekretaris van Dorpsbestuur, 23 Oktober 1959.

82 H. Potgieter, Onderhoud, April 1983 (kasset in besit van P.J.J. Prinsloo).

83 Anon., ***Onthulling Wording-standbeeld***, p.4.

84 H. Potgieter, Onderhoud, April 1983 (kasset in besit van P.J.J. Prinsloo).



Foto no. 8: Inwyding van die Wordingstandbeeld op 21 Augustus 1951, deur minister E.H. Louw.
Bron: Vanderbijlpark Stadsraad, Openbare Biblioteek, Fotoversameling.

Op 21 Augustus 1951 is die Wordingstandbeeld deur advokaat, E.H. Louw, die minister van Ekonomiese Sake onthul.[85] Tydens die geleentheid het minister Louw die volgende gesê: "Die standbeeld wat ek so pas onthul het, simboliseer die ontstaan en groei van hierdie nuwe, goedbeplande en aantreklike stad, wat op die kaal vlaktes van Suidwes-Transvaal verrys het ... hierdie treffende monument ... simboliseer nie alleen die wording of genesis van 'n stad nie - dit simboliseer ook die strewe na beter dinge, na verbeterde toestande, na hoër waardes. Ek wil die hoop uitspreek dat diegene wat toesig hou oor die sake van die stad inspirasie uit hierdie monument sal put."[86]

Die beplanning en ontwikkeling van Vanderbijlpark op alle terreine sou nie net by woorde bly nie. Hierdie opvatting word ook duidelik deur die werksaamhede van die volgende kommissies geïllustreer, wat vervolgens bespreek gaan word. Elkeen van die kommissies het op sy terrein van ondersoek 'n bydrae tot Vanderbijlpark se bestuursontwikkeling gelewer.

## *1.4 KOMMISSIES VAN ONDERSOEK*

Die volgende vier kommissies het gedurende die periode 1952-1957 verskeie aanbevelings oor 'n verbetering in plaaslike bestuur gedoen.

### 1.4.1 DIE FLOYD-KOMMISSIE VAN ONDERSOEK NA 'N DORPSBEPLANNINGSKEMA VIR VANDERBIJLPARK, 1952

Die Administrateur het volgens kennisgewing no. 818 van 24 September 1952 'n kommissie met mnre. T.B. Floyd (voorsitter), F.W.P. Strugnell en T.N. Cooper as lede benoem.[87] Hulle moes ondersoek doen en verslag lewer oor die afsondering van grond in die jurisdiksiegebied van die Stadsraad van Vanderbijlpark vir die huidige en toekomstige plaaslike bestuurs- en openbare doeleindes. Hulle moes ook vasstel wat die noodsaaklikheid was van 'n dorpsbeplanning- en streeksbeplanningskema vir die betrokke gebied. Die bevoegdhede, regsmag en voorregte van die "Commission's Powers ordinance" 1902, is ook aan die kommissie verleen. Dié

---

[85] ***Die Transvaler***, 22 Augustus 1951: berig.

[86] Anon., ***Onthulling Wording-standbeeld***, p.10.

[87] Provinsie Transvaal, "Vanderbijlpark Gesondheidskomitee: kommissie van ondersoek in te stel en verslag te doen in verband met die kwessie van die afsondering van grond vir openbare doeleindes", administrateurskennisgewing no. 181, ***Offisiële Koerant***, vol. 142, no. 2346, 24 September 1952, p.720.

voorregte verleen aan die kommissie die reg om 'n getuie te dagvaar, dokumente en boeke te ondersoek en 'n getuie onder eed te plaas. Die belanghebbende plaaslike partye by die kommissie se ondersoek was Vesco, die Stadsraad Vanderbijlpark, Posowerhede, Publieke Werke departement, Gesondheidsraad vir Buitestedelike gebiede en die Gesondheidskomitee van Evaton.

Die pligte van die kommissie was soos volg vasgestel:

- om die toestand op Vanderbijlpark ten opsigte van die bespreking van grond vir die huidige en openbare doeleindes te ondersoek;
- die wenslikheid al dan nie van 'n dorpsaanlegskema te ondersoek en om 'n streeksbeplanningskema op te stel;
- die voorgenome aankoop deur die stadsraad van die standplaas no. 836 Vanderbijlpark CW 6, uitbreiding no. 1 dorpsgebied met alle verbeteringe vir sportgronde vir 'n bedrag van £70,000 en die noodsaaklikheid van die aanbou van munisipale kantore en die beplanning van die dorpsentrum.[88]

Die Floyd-kommissie het oor die volgende aspekte verslag gelewer:

**Parke, groengordels en sportgronde:** in hulle beplanning is genoeg ruimte hiervoor gelaat, omdat die groengordels die moontlikheid bied vir ontspanning, die omgewing versier en die waarde verhoog. Die kommissie het ook aanbeveel dat die rivierfront wat tot Vanderbijlpark se beskikking is, ten volle benut en ontwikkel moes word. Sportgronde moes ook op aanbeveling van die kommissie verder ontwikkel en toegerus word.

**Ander munisipale gebruike soos woongebiede vir swart mense:** die stadsraad het 'n sub-komitee saamgestel wat die vraag na die toename van swart mense in die gebied en hulle behoefte na behuising moes ondersoek. In die lig van bogenoemde ondersoek het die Floyd-kommissie sekere algemene aanbevelings met betrekking tot swart woongebiede gemaak. Volgens die kommissie moes die oordra van grond vir swart woongebiede aan die stadsraad oorgedra word. Die stadsraad het die saak alreeds met die Nasionale Behuisingskommissie en die Nie-blanke Sake departement opgeneem. Die kommissie het aanbeveel dat die NE 2-grondgebied aan die stadsraad vir ontwikkeling oorgedra word. Indien 'n dorpsbeplanningskema aanvaar word, word die gebied net as 'n sone aangegee wat vir swart behuising ontwikkel moes word. Volgens die kommissie was die NE 2-gebied te klein vir toekomstige

---

[88] Town Council of Vanderbijlpark, Reports, 13 November 1952 - 22 October 1953, vol. 6 report, 27 November 1952.

ontwikkeling en die stadsraad moes nog grond buite die Vanderbijlpark-area bekom. Indien die raad op die aanbevelings reageer om grond te bekom, kon die planne ook by die streeksontwikkelingskema ingeskakel word. Enige grond wat vir swart behuising benodig word, kon onder die Groepsgebiedewet gereserveer word, met die oog op latere ontwikkeling.

**Rioolwerke:** volgens die kommissie was die 1350 akker grond wat vir dié doel opsy gesit is, genoeg. Daar was egter die kwessie dat Vesco nog oor die grondgebied beheer uitgeoefen het, en die kommissie het aanbeveel dat die grond aan die stadsraad oorgedra moes word. Die stadsraad moes die grondgebied op die dorpsbeplanningskema as rioolwerke aantoon. Die kommissie het dit ook onder die stadsraad se aandag gebring dat die water- en elektrisiteitsvoorsiening verder ontwikkel moes word, indien die dorp verder uitbrei.

**Munisipale kantore en dorpsentrum:** 'n oorhoofse plan vir die ontwikkeling van die dorpsentrum is aan die kommissie voorgelê, waar 17 akker grond vir munisipale kantore en 'n kuns- en kultuursentrum opsy gesit is. Die kommissie het die grond as genoegsaam beskou, omrede die stadsraad die mening gehuldig het om eerder 'n kuns- en kultuursentrum in plaas van 'n stadsaal te bou. Die kommissie het aanbeveel dat die grond deur Vesco aan die stadsraad oorgedra moes word. Dit sou die stadsraad in staat stel om die munisipale kantore en dorpsentrum te beplan en te ontwikkel.

**Munisipale werkswinkels, store en depots:** die Floyd-kommissie was van mening dat bogenoemde dienste meer sentraal geleë kon wees, maar nie noodwendig in die dorpsentrum nie. Die grond wat daarvoor opsy gesit is, is volgens die kommissie genoeg, ook vir toekomstige gebruik. In die dorpsbeplanningskema kon die 15 tot 17 akker wat hiervoor opsy gesit is as sulks aangetoon word.

**Stortingsterreine:** die kommissie het aanbeveel dat 'n geskrewe ooreenkoms tussen die stadsraad en Vesco, oor die beskikbaarstelling van grond vir die storting van afval aangegaan moes word. Onmiddellike stappe moes geneem word om die voorgestelde gebiede in die naam van die stadsraad te registreer en 'n dorpsbeplanningskema kon die gebiede as sulks aantoon.

**Begraafplase:** die gebiede wat as begraafplase uitgesit is, voldoen aan die stadsraad se vereistes en die grondstruktuur is ook vir die ontwikkeling van sulke gebiede geskik. Die kommissie het ook aanbeveel dat daar aandag aan 'n begraafplaas vir die NW 2 swart woongebied gegee moes word.

**Kwekerye:** die kommissie het wat dié aangeleentheid betref, aanbeveel dat 'n gedeelte van die grond wat vir rioolwerke opsygesit is, aan die stadsraad vir 'n kwekery

oorgedra moet word, aangesien die totale gebied later aan die stadsraad oorgedra moes word. Die stadsraad moes die grond benut, solank hulle nog bome van Vesco op sekere voorwaardes kon verkry ten einde 'n kwekery te begin.

**Takbiblioteke, klinieke en kleuterskole:** wat hierdie fasiliteite aanbetref, het die kommissie bekendgemaak dat aandag aan die sake gegee sou word, soos wat die dorp verder ontwikkel en woongebiede geproklameer word.

**Brandweerstasies:** die gebiede wat vir dié doel opsy gesit is, is volgens die kommissie genoeg vir die raad se toekomstige gebruik. Hulle beveel aan dat een van die gebiede nader aan die dorpsentrum geplaas moes wees. Om die betrokke grond in die stadsraad se naam te registreer kan probleme skep, omrede die Administrateur eers toestemming kon gee, as die dorp ten volle ontwikkel is. Indien 'n dorpsbeplanningskema deur die stadsraad aanvaar word, sou die probleem uitgeskakel word.

**Mark:** die stadsraad het alreeds besluit om voorsiening vir kleiner markte te maak, wat die verskillende woongebiede sou bedien. In ander sentra is die gebruik van mobiele markte daargestel wat 'n groot sukses blyk te wees. Sulke ondernemings moet dus ondersoek word, aangesien dit al vroeër in beginsel deur Vesco aanvaar is. Wat die sentrale mark se ligging betref, beveel die kommissie aan dat dit in heroorweging geneem moes word, omrede dit te naby aan die nuwe swart woongebied geleë is, wat moontlike probleme in die toekoms kan oplewer.

**Toetsgronde:** die kommissie ondersteun in die geval die stadsraad se beleid oor die sentralisering van die administrasie van die raad.

**Slagpale:** geen navorsing is deur die stadsraad gedoen om 'n slagpale op te rig nie. Daar word dus deur die kommissie aanvaar dat geen slagpale in Vanderbijlpark opgerig gaan word nie, aangesien die streekslagpale in Vereeniging geleë is.

**Busdepot:** alhoewel daar nie van die stadsraad verwag word om self 'n busdiens te verskaf nie, is dit, volgens die kommissie, belangrik om vir so 'n diens voorsiening te maak.

**Gebiede vir regeringsdoeleindes:** in 'n dorpsbeplanningskema is daar ook in samewerking met die regering vir die volgende staatsdepartemente voorsiening gemaak: polisie, regspleging (landdroshowe, magistraatskantore), poskantoor, nie-blanke sake, belasting, gesondheid, arbeid, maatskaplike werk, opvoeding,

vervoer.[89] Spesifikasies oor die grootte en plek waar die departemente gevestig kon word is ook verskaf.[90]

Uit die voorafgaande uiteensetting is dit duidelik dat hierdie ondersoek na 'n dorpsbeplanningskema die snelgroeiende Vanderbijlpark se ontwikkeling op 'n planmatige wyse wou orden.

### *1.4.1.1 DIE NOODSAAKLIKHEID VAN 'N DORPSBEPLANNINGSKEMA VIR VANDERBIJLPARK*

Die Floyd-kommissie het in sy verslag aan die raad die noodsaaklikheid van 'n dorpsbeplanningskema bekend gemaak. Hierdie kommissie was van mening dat die teenkanting van Vesco ten opsigte van 'n dorpsbeplanningskema, net uit onkunde spruit: "The Estate Company apparently considers town planning toe be a question of design only."[91] Die kommissie het Ordonnansie no. 11 van 1931 onder alle belanghebbende partye se aandag gebring, wat die doelwitte van 'n dorpsbeplanning duidelik uiteengesit het: "A town planning scheme shall have for its general purpose a co-ordinated and harmonious development of the area to which it relates, including where necessary the reconstruction of any area which has already been sub-divided and built upon, in such a way as will most effectively tend to promote health, safety, order, amenity, convenience and general welfare, as well as efficiency and economy in the process of such development."[92]

Die Floyd-kommissie het die stadsraad se aandag daarop gevestig dat daar in 'n dorpsbeplanningskema vir die volgende sake voorsiening gemaak moes word:

- doeltreffende dreinering van die grond asook water- en elektrisiteitsvoorsiening;
- strate wat goed beplan en aan sekere vereistes moes voldoen, byvoorbeeld kennis van die tipe en volume verkeer wat die strate sou moes dra;

---

89 Town Council of Vanderbijlpark, Finance and Joint Committee, Reports, 3 December 1953 - 23 February 1954, vol. 6: report, 3 December 1953.

90 TAB, Pretoria, TPB, band 2192, TALG 19/17704/2: record of proceedings of commission of enquiry appointed in terms of administrator's notice no. 818 dated 24th September 1952, 12 January 1953.

91 Town Council of Vanderbijlpark, Finance and Joint Committee, Reports, 3 December 1953 - 23 February 1954, vol. 6: report, 3 December 1953.

92 Town Council of Vanderbijlpark, Finance and Joint Committee, Reports, 3 December 1953 - 23 February 1954, vol. 6: report, 3 December 1953.

- aanplanting van bome en struike met die doel om die omgewing te verfraai;
- die vasstelling van die grootte en geskiktheid van erwe en die aantoning van gebruiksvoorwaardes vir die erwe;
- regulasies oor die oprigting van geboue en die aantal geboue op 'n bepaalde erf;
- reservering van grond vir ontspanningsdoeleindes;
- voorsiening van plekke vir historiese herdenkings en natuurlike versierings;
- benoeming van areas vir spesifieke doelwitte;
- voorsiening vir landbougebiede maak;
- voorsiening van grond vir bewoning deur anderskleuriges.

Hierdie redes toon die noodsaaklikheid van 'n dorpsbeplanningskema aan. Die kommissie het ook die redes aangevoer waarom die dorpsbeplanningskema vir ontwikkeling nie aan Vesco oorgelaat moes word nie:

1. Daar bestaan belangebotsings oor die aangeleentheid tussen die stadsraad en Vesco. Indien persone van Vesco wat gemoeid is met die projek na die stadsraad gesekondeer word, sou praktiese probleme ontstaan soos stoorplek vir benodigdhede en die beheer van die stadsraad oor sulke persone sou moeiliker wees.

2. Die Vesco-amptenare het nie die nodige ervaring in die voorbereiding van 'n dorpsbeplanningskema nie. Laastens was dit ook onseker of Vesco van sy amptenare aan die stadsraad sou afstaan, om met die skema te help, aangesien Vesco al in die verlede geweier het om dit toe te laat.

Die kommissie het aanbeveel dat 'n onafhanklike dorpsbeplanningskonsultant deur die stadsraad aangestel word om die ontwikkeling van so 'n skema te beheer. Hulle het mnre. Bowling, Floyd en Richardson aan die stadsraad voorgestel. Mnr. Floyd was ook die hoof van die maatskappy en was ook op hoogte met die onderlinge werkooreenkomste tussen Vesco en die stadsraad. Die kommissie het die stadsraad daarop gewys dat dit moeilik is om 'n bepaalde tyd te spesifiseer waarin al die aanbevelings deurgevoer sou kon word. Die aanbevelings moes egter eers deur geskrewe ooreenkomste tussen Vesco en die stadsraad uiteengesit word, want dit is al wyse waarop gesorg kon word dat die aanbevelings van die kommissie wel deurgevoer gaan word. Indien sulke ooreenkomste ontbreek, kon die Administrateur die proklamasie van nuwe gebiede terughou totdat ooreenkomste gesluit is. Dit was dus

die stadsraad se verantwoordelikheid om te sorg vir die ooreenkomste, sodat daar met 'n dorpsbeplanningskema begin kon word.[93]

Volgens 'n besluit wat Vesco geneem het, het hulle onderneem om alle grond wat vir openbare doeleindes benodig sou word, soos uiteengesit deur die Floyd-kommissie, op die volgende wyse aan die Stadsraad van Vanderbijlpark beskikbaar te stel:

- swart behuising (4864 akker) word volgens die terme van woongebiedontwikkeling geskenk;
- groengordels bereken op twee akker vir 1 000 persone. Die gebied sluit die ontwikkeling van Emfulenipark in. 'n Serwituut in die publiek se belang moes vir hierdie park onderteken word. Groengordels in woonbuurtes sou geskenk word;
- die rioolwerke se grond is op £100 per akker gewaardeer. Hierdie gebiede was Zuurfonteinwerke (3 akker) en Rietspruitwerke (39 akker) en sou aan die stadsraad geskenk word. (Indien meer grond vir riolering deur die stadsraad benodig word indien hulle die diens oorneem, sou grond in die gebiede aan hulle verkoop word teen £100 per akker en teen 'n rentekoers van 4½% of op ander terme waaroor ooreengekom kon word);
- munisipale kantore in die dorpsentrum (10-15 akker) wat geskenk sou word;
- munisipale werkswinkels, store en depots (10 akker) sou aan die raad verkoop word wanneer dit deur hulle benodig word;
- ontspanningsgronde, 9 plekke van 20-30 akker elk. Vesco het gevoel dat 9 plekke vir die doel genoeg is, en dat die gronde gereserveer word volgens die beplande uitleg van die woongebiede, en aan die raad verkoop word, soos dit benodig word;
- parke en speelgronde in woongebiede (270 akker) sou geskenk word, volgens woonbuurtontwikkelingsterme;
- stortingsterreine vir afvalstowwe (15 akker) wat geskenk sou word aan die raad en daar word ook met hulle vir die ligging van die 3 terreine ooreengekom;

---

[93] Town Council of Vanderbijlpark, Finance and Joint Committee, Reports, 3 December 1953 - 25 February 1954, vol. 6: report, 3 December 1953.

- begraafplase (103 akker) wat in die groengordel geleë was en aan die raad geskenk sou word;
- kwekery (5-6 akker) wat ook in die groengordel geleë was en aan die raad verkoop sou word wanneer dit benodig word;
- takbiblioteke, kleuterskole en klinieke, waarvoor voorsiening in die uitleg van woongebiede gemaak sou word, volgens die terme van woonbuurtontwikkeling;
- brandweerstasies, twee gebiede sou geskenk word, indien dit benodig word;
- toetsgronde vir voertuie sou aan die raad verkoop word, wanneer dit benodig word;
- grond vir regeringstandplase vir die nodige regeringsgeboue sou geskenk word;
- regeringstandplase vir woongebiede en ontspanning, sou verkoop word soos dit deur die departemente benodig word;
- regeringstandplase (gevangenis 21 akker) waarby geen verdere stappe geneem word nie, omrede daar besluit moes word of 'n gevangenis vir die Vanderbijlparkstreek benodig sou word.

Vesco het hom die reg voorbehou om grond terug te neem as dit nie aangewend word vir die doel waarvoor dit verkoop is nie. Die ooreenkoms is deur die sekretaris van Vesco, C.L. Harris, onderteken. Afskrifte van die voorstelle is aan alle belanghebbende partye gestuur. Vesco het dus die ooreenkoms na aanleiding van die Floyd-kommissie se ondersoek aangegaan.[94]

Op 'n vergadering wat op 14 Januarie 1954 gehou is, het die raad met mnre. Floyd, Bowling en Richardson 'n ooreenkoms aangegaan, om die dorpsbeplanningskema op te stel en te bestuur. Die stadsraad het hulle versoek om te laat weet op watter terme hulle die opdrag sou aanvaar. Op 1 Februarie 1954 het hulle die stadsraad verwittig dat hulle 'n dorpsbeplanningskema vir Vanderbijlpark vir 'n bedrag van 2000 ghienies sou opstel. Dit sou 'n totale dorpsbeplanningskema vir die munisipale gebied insluit. Hulle sou ook die nodige kaarte voorberei en vergaderings hou met almal wat betrokke is. Die skema het egter nie gedetailleerde kaarte van byvoorbeeld woonbuurtes ingesluit nie. Indien die raad dit wou hê, sou dit teen 'n ekstra bedrag gedoen word. Die stadsraad het op 4 Februarie 1954 die skema en

---

[94] TAB, Pretoria, TPB, band 2192, TALG 19/17704/2: record of proceedings of commission of enquiry appointed in terms of administrator's notice no. 818 dated 24th September 1952, 12 January 1953.

voorwaardes aanvaar.[95] Hiermee is 'n belangrike dorpsbeplanningbestuurshulpmiddel vir die stadsraad geskep.

Die volgende kommissie het die verdere bestuursontwikkeling van onder andere Vanderbijlpark in die vooruitsig gestel.

### 1.4.2 DIE MARAIS-KOMMISSIE VAN ONDERSOEK NA PLAASLIKE BESTUUR IN TRANSVAAL, 1953

Die Marais-kommissie is volgens Administrateurskennisgewing no. 819 van 7 Oktober 1953 onder voorsitterskap van regter J.F. Marais aangestel.[96] Die ander lede van die kommissie was: R.S. Koller, I. Marks, M. Nestadt, H.B. Phillips, J.H. Rauch, F.S. Steyn, B.J. van der Walt en P.Z.J. van Vuuren.[97]

Die doel van hierdie kommissie se ondersoek was, om die plaaslike regeringstelsel in Transvaal te ondersoek en dan aanbevelings te doen rakende sake wat plaaslike bestuur kon verbeter.

Die Marais-kommissie het bepaal dat plaaslike bestuur 'n onmisbare deel van die regeringstruktuur van Suid-Afrika is. Dié tipe bestuur kon nie deur byvoorbeeld agente van sentrale of provinsiale owerhede of deur 'n stelsel van plaaslike administrasie vervang word nie. Die bestaande stelsel word ten volle ondersteun, daar word net voorgestel dat daar groter provinsiale beheer toegepas moes word. Plaaslike bestuur in Transvaal het deur die jare staande gebly, tog het die kommissie 'n agteruitgang in die bestuur opgemerk. Die basiese oorsake van die agteruitgang is ontoereikende voorligting, gebrek aan proefneming, onrekbaarheid van die stelsel en gebrek aan selfverandering. As gevolg van die oorsake, het ou uitgediende stelsels behoue gebly, ou metodes is op snelgroeiende gemeenskappe toegepas en binne munisipale rade is ewewig en kontrole nie toegepas nie. Genoeg aandag word

---

[95] Town Council of Vanderbijlpark, Finance and Joint Committee, Reports, 3 December 1953 - 23 February 1954, vol. 6: report, 4 February 1954.

[96] Provinsie Transvaal, "Kommissie van ondersoek insake plaaslike bestuur", administrateurskennisgewing no. 819, ***Offisiële Koerant***, vol. 147, no. 2412, 7 Oktober 1953, p.16.

[97] Provinsie Transvaal, ***Derde en finale verslag van die kommissie van ondersoek na die stelsel van plaaslike bestuur in Transvaal***, T.P. 5/1957, p.1.

ook nie aan kwalifikasies en doeltreffende werkverrigting deur die amptenarekorps gegee nie.[98]

Om genoemde punte te verbeter, moes sekere veranderings egter volgens die Marais-kommissie aan die plaaslike bestuurstelsel gemaak word. Die voorgestelde veranderinge was: die skepping van 'n raad vir bevordering van plaaslike bestuur, wat ook in beheer sal staan van die plaaslike beheer afdeling; die vervanging van die huidige komiteestelsel deur 'n uitvoerende komitee en die skepping van 'n nuwe pos naamlik Hoofamptenaar wat die Stadsklerk in die plaaslike bestuur sou vervang.[99]

Die Stadsraad van Vanderbijlpark het die voorstelle van die kommissie oorweeg en met die aanbevelings saamgestem. Volgens die raad sou die instelling van die Marais-kommissie se voorstelle net 'n beter plaaslike bestuur in Transvaal tot gevolg hê. Tog het die raad kommentaar oor 'n paar aanbevelings gemaak. Die doel van die kommentaar was om die kommissie se aanbevelings meer buigsaam te maak. Dit is ook so aan die kommissie gerapporteer.

Die raad se kommentaar was soos volg:

a) Die raad vir bevordering van plaaslike bestuur moet uit deeltydse lede bestaan. Die Sekretaris moet die enigste permanente lid wees. Daar kon later besluit word of die raad uit permanente personeel moes bestaan. Op 'n deeltydse basis kan die hulp van senior amptenare ook gebruik word.

b) Die status van die afdeling vir plaaslike bestuur moet tot 'n departement verhoog word. 'n Direkteur moet aan die hoof van die departement staan, wat ook lid van die raad van bevordering van plaaslike bestuur is.

c) 'n Funksionele doeltreffendheidsdiens moes ook ingestel word.

d) Plaaslike besture moes ook toegelaat word om self te besluit of hulle raadslede op die uitvoerende komitee moes dien.

e) Hoofde van departemente moes ook toegelaat word om aan die komitee verslag te lewer. Hoofde van departemente moes egter nie versoek word om vrae te beantwoord of aan besprekings by ope raadsvergaderings deel te neem nie.

---

[98] Town Council of Vanderbijlpark, Reports, 9 November 1953 - 22 April 1954, vol. 7: report, 25 March 1954.

[99] Provinsie Transvaal, ***Derde en finale verslag van die kommissie van ondersoek*** ..., p.12.

f) Die pligte van die voorgestelde Hoofamptenaar moes duidelik uiteengesit word. Die stigting van personeelrade moet ook nie verpligtend gemaak word nie. Die Hoofamptenaar alleen mag aanbevelings oor personeel maak.

g) Alle personeelaangeleenthede rakende swart mense moes onder die beheer van die Bestuurder nie-blanke aangeleenthede geplaas word.

h) Plaaslike owerhede moes aangemoedig word om van reglemente van orde gebruik te maak, om sodoende te sorg dat hulle administrasie en pligte doeltreffend uitgevoer word.[100]

Die Marais-kommissie se finale verslag het op 14 Februarie 1957 verskyn. In die finale verslag het die kommissie nie veel afgewyk van die beginsels wat van die begin af voorgestel is nie. Dié beginsels was die skepping van 'n raad vir die bevordering van plaaslike bestuur, wat ook in beheer van die provinsiale plaaslike bestuur sou staan.[101] Die doel van die raad was om plaaslike bestuursbelange te beskerm, byvoorbeeld waar 'n hoër gesag soos die regering 'n besluit sou neem wat 'n ongewenste uitwerking op plaaslike besture kon hê. Verder moes die raad vertragings by die hantering van plaaslike aangeleenthede uitskakel. Die raad sou ook plaaslike besture se inisiatief en trots aanmoedig.[102] Die komiteestelsel word deur 'n uitvoerende komitee vervang en personeelrade moes gestig word om personeelaangeleenthede te behartig.[103]

Die genoemde beginsels word in die konsepordonnansie van die Marais-kommissie vervat, wat inhou dat plaaslike owerhede dit moes toepas. Die doel van die ondersoek in sy geheel was om 'n stelsel te vind waarop plaaslike owerhede se bestuur bevorder en verbeter kan word.

Die aanbevelings kom daarop neer dat 'n groot mate van politieke en administratiewe outoriteit aan plaaslike owerhede gegee word. Die bevoegdhede wat aan die plaaslike owerhede gegee word, skakel baie rompslomp, regsgedinge en moontlike

---

100 Town Council of Vanderbijlpark, Correspondence, 15 October 1957 - 27 May 1960, file 394/5/!9, vol. 1: extract from the report of the Finance and Joint Committee meeting no. 63, 16 January 1958.

101 Town Council of Vanderbijlpark, Reports, 23 October 1957 - 20 March 1958, vol. 15: report, 30 January 1958.

102 B. Hoffman, ***Produktiwiteitsmeting in plaaslike bestuur*** (ongep. M.A.-verhandeling, PU vir CHO, 1983), p.16.

103 Provinsie Transvaal, ***Derde en finale verslag van die kommissie van ondersoek ...***, pp.23-26; Town Council of Vanderbijlpark, Reports, 23 October 1957 - 20 March 1958, vol. 15: minute, 30 January 1958.

argumente uit. Deur provinsiale wetgewing sou dus bepaal word wat plaaslike owerhede mag doen en wat nie. Die aanbevelings van die Marais-kommissie kom daarop neer dat beheer eerder verslap word. Die plaaslike owerhede ontvang nou die reg om self besluite te neem en hulle sake te bestuur. Die Marais-kommissie se voorstelle het dus ten doel gehad dat plaaslike owerhede meer selfstandigheid moet geniet, met slegs oorhoofse beheer en toesig van die Administrateur. Tog is min van die voorstelle in die praktyk verwesenlik. Plaaslike owerhede is nog steeds gebind aan wetgewing en onder beheermaatreëls, wat 'n stremmende uitwerking op plaaslike owerhede het, byvoorbeeld op wetgewende gebied, finansies, personeelbeheer en beperkte gedelegeerde bevoegdhede.[104]

Die volgende kommissie het 'n verdere belangrike dorpsontwikkelingsbeginsel neergelê, wat die Stadsraad in staat gestel het om die toekomstige ontwikkeling van swart woongebiede sinvol te beheer.

### 1.4.3 DIE MENTZ-KOMMISSIE SE ONDERSOEK NA SWART WOONGEBIEDE, 1954

Die Mentz-kommissie is saamgestel met die doel om die swart woongebiede van Vanderbijlpark en Vereeniging te ondersoek. Die kommissie het uit mnre. M.P. Mentz (voorsitter), Heald en dr. Moolman bestaan. Die partye wat almal belang by die aangeleentheid gehad het, was Vanderbijlpark en Vereeniging se Stadsrade asook Vesco. 'n Vergadering is in Pretoria gehou, waarby alle belanghebbende partye met die Mentz-kommissie samesprekings gevoer het. Op die vergadering is voorgestel dat een groot swart woongebied wat Sharpeville noord-oos van Vanderbijlpark insluit en wat voortgaan in 'n noordelike rigting om ook Evaton in te sluit, ontwikkel moes word. Hierdie beoogde swart dorp sou deur die provinsiale pad van Johannesburg na Vanderbijlpark en die spoorlyn van die Rand tot by Houtkop begrens word. Hulle het ook aanbeveel dat die Bophelong-woongebied nie verder uitgebrei word nie, asook dat die swart woongebied by Mafubu, wat Vereeniging Stadsraad oorweeg het, nie ontwikkel sou word nie.[105]

Hierdie aanbeveling het tot op sentrale owerheidsvlak gevorder, aangesien Vereeniging Stadsraad besluit het om die destydse minister van Naturelle Sake, dr. H.F. Verwoerd, se hulp in te roep. Die Minister se aanbevelings was dat die Mentz-

---

[104] B. Hoffman, ***Produktiwiteitsmeting in plaaslike bestuur*** (ongep. M.A.-verhandeling, PU vir CHO, 1983), p.16.

[105] Town Council of Vanderbijlpark, Finance and Joint Committee, Reports, 8 October 1954 - 29 November 1954, vol. 5: report, 26 November 1954.

kommissie se voorstelle aanvaar moes word. Formeel is daar dus bevestig dat geen woonbuurte deur Vereeniging Stadsraad te Mafubu ontwikkel mag word nie. Vereeniging en Vanderbijlpark Stadsrade moes hulle swart woongebiede in die gebiede wat daarvoor opsy gesit is, ontwikkel. Die Bophelong-woongebied moes ook nie verder uitgebrei word nie. Die toekomstige swart woongebied in Vanderbijlpark en Vereeniging sou soos volg begrens word: vanaf Evaton aan die noorde en suidooswaarts tot by die Vereeniging-Parys nasionale pad (tans R21) aan die suide, met die Vereeniging-Langlaagte spoorlyn en die provinsiale pad as die oostelike grens. Die westelike grens is as die Johannesburg-Oranje-Vrystaat provinsiale hoofpad (tans N1) vasgestel tot waar dit by die voorgestelde verlengde provinsiale pad na Vereeniging aansluit en van daar tot by die Yskorafvalwerke. Denkbeeldige grense is ook gegee, aangesien die gebied ter sprake nog nie ten volle ontwikkel was nie. Vereeniging en Vanderbijlpark Stadsrade moes egter onderling self besluit oor grond wat aangekoop moes word.[106]

Nadat 'n finale uitsluitsel oor die swart woongebiede van Vereeniging en Vanderbijlpark verkry is, is daar 'n einde gemaak aan vyf jaar se vertragings oor hierdie aangeleentheid. Beide stadsrade se ontwikkelingsplanne ten opsigte van swart woongebiede en behuising is hierdeur teruggehou.[107] Hiermee is toekomstige uitbreidingsmoontlikhede van die swart woonbuurtontwikkeling en die belangrikste dorpsbeplanningsaspekte neergelê.

### 1.4.4 DIE DE WET-KOMMISSIE SE ONDERSOEK NA NYWERHEIDSGEMEENSKAPPE, 1956

Die De Wet-kommissie wat bestaan het uit mnre. C.F. de Wet (voorsitter), P.A. du Plessis, J.H. Wildenboer (sekretaris) en kol. J.C. McIntyre, is deur die Administrateur van Transvaal, volgens artikel 169 van die Plaaslikebestuursordonnansie van 1949 in die lewe geroep.[108] Hulle taak was om die verwantskap tussen plaaslike besture en nywerheidsondernemings te ondersoek veral laasgenoemde se verantwoordelikheid in die stigting van die plaaslike gemeenskap in sulke nywerheidsentras. Die

[106] Town Council of Vanderbijlpark, Finance and Joint Committee, Reports, 12 April 1955 - 16 June 1955, vol. 12: report, 10 June 1955.

[107] Vereeniging Museum, F.A.V. Day newspaper cuttings, 13 March 1957 - 31 December 1957, ref. no. 03/3228, ***Rand Daily Mail***, 25 June 1957: report.

[108] Provinsie Transvaal, "Kommissie van ondersoek insake die verwantskap tussen plaaslike besture en nywerheidsondernemings verantwoordelik vir die stigting van die plaaslike gemeenskap", administrateurskennisgewing no. 178, ***Offisiële Koerant***, vol. 156, no. 2561, 22 Februarie 1956, p.447.

ondersoek is gelas na aanleiding van die ontwikkeling van gemeenskappe soos Vanderbijlpark, Modderfontein, Carletonville, Thabazimbi en andere, waar nywerheidsondernemings nuwe nywerhede begin het in 'n gebied waar daar nie 'n stedelike gemeenskap gevestig was nie. Sulke nywerhede het gewoonlik vir hulle werknemers 'n woongebied as deel van hulle bedryfskoste ontwikkel. Die volgende plaaslike owerhede is by die kommissie se ondersoek betrek: Vanderbijlpark, Carletonville, Evander, Modderfontein, Phalaborwa, Thabazimbi, Westonaria, Marble Hall, Messina, Orkney, Stilfontein, Waterval Boven en Komatipoort. Vanderbijlpark Stadsraad het op die versoek gereageer, en 'n sub-komitee is aangestel om 'n memorandum vir die kommissie op te stel. Die lede van die sub-komitee was raadslede M. Kilian, T.M. Dannhauser en L. Jamneck.[109]

Die kommissie moes in hulle ondersoek veral op die volgende aspekte gelet het:

- die beleid wat deur die Administrateur gevolg moes word, in die toekenning van 'n plaaslike bestuur aan die gemeenskappe wat in sulke maatskappydorpe woonagtig was (sulke sentra het gewoonlik hulle bestaan aan mynbou of nywerheidsondernemings te danke en is deur werknemers van die ondernemings bewoon);

- die wyse waarop die plaaslike bestuur saamgestel moes word, met inagneming van almal se belange;

- die magte wat aan die administrasie verleen moes word, rakende die voorwaardes waarop die bestuursinstelling vanaf die nyweraar na 'n plaaslike bestuur oorgedra moes word;

- die magte wat aan die plaaslike bestuur gegee moes word, byvoorbeeld om belastings te hef. Watter magte aan die plaaslike bestuur toegeken moes word om in terme van tyd en waarde, beperkings op te stel op die lewering van dienste binne die regsgebied van die bestuursinstelling;

- die moontlikheid of die nyweraar uitgesluit moes word by die lewering van dienste; en

---

[109] Town Council of Vanderbijlpark, Reports, 20 October 1955 - 26 March 1956, vol. 11: report, 22 March 1956.

- of daar enige prinsipiële onderskeid gemaak kon word tussen gevalle waar grond vir nywerheids- of residensiële gebruik in die regsgebied van so 'n bestaande of voorgestelde bestuur val.[110]

Die De Wet-kommissie het oor die volgende aspekte verslag gelewer:

**Tipe plaaslike bestuur:** die kommissie het oor die tipe plaaslike bestuur wat vir industriële dorpe geskep moes word, aanbevelings opgestel. Hierdie gemeenskappe moes volgens die kommissie as 'n "industriële gemeenskap" bekend staan. Die magte en funksie van so 'n plaaslike bestuur moet in 'n spesiale ordonnansie vasgestel word.

Hierdie voorstel om so 'n plaaslike bestuur te benoem berus op die volgende beginsels: indien 'n nyweraar 'n woongebied buite 'n normale plaaslike bestuursarea wil stig, moet hy by die Administrateur daarvoor aansoek doen. So 'n gebied sal as 'n industriële gemeenskap bekend staan. Maatskappydorpe wat alreeds deur 'n nyweraar gestig is, kan ook aansoek doen om as 'n industriële gemeenskap verklaar te word. Bogenoemde aansoeke moes aan die dorpsraad en Administrateur gerig word. Sodanige aansoeke moes met planne, spesifikasies van dienste en ook 'n duidelike rede vir so 'n aansoek vergesel wees. Die nyweraar moes ook duidelike beskerming verleen vir die totstandkoming van plaaslike besture in so 'n gebied. Maatskappye in beheer van bestaande industriële dorpe, moes volledige redes aan die Administrateur verskaf, as hy so 'n gebied as 'n industriële gemeenskap wou bekend laat staan. In hierdie opsig het die kommissie veral die dorpe Vanderbijlpark en Stilfontein in gedagte gehad.

Die Administrateur het hom die reg voorbehou om die status van 'n industriële gemeenskap op grond van die volgende beginsels terug te trek: indien dit in belang van die totale industriële ontwikkeling van die gebied is; volgens die hoeveelheid belasting wat die maatskappy betaal; en volgens die hoeveelheid werknemers van die maatskappy in verhouding met die totale aantal inwoners van die gebied.[111]

Verdere aanbevelings het rondom die volgende drie belangrike sake gewentel:

**Die samestelling van gemeenskapsrade vir industriële gemeenskappe:** daar is vasgestel dat die gemeenskapsraad vir bogenoemde gemeenskappe uit drie lede

---

[110] Town Council of Vanderbijlpark, Reports, 20 October 1955 - 26 March 1956, vol 11: report, 22 March 1956.

[111] Town Council of Vanderbijlpark, Finance and Joint Committee, Reports, 9 October 1957 - 11 December 1957, vol. 23: report, 9 October 1957.

moes bestaan, wat deur die plaaslike nyweraar benoem word en wat dan aan die Administrateur voorgelê moes word. Na drie jaar moes die ledetal met twee lede vermeerder word. Laasgenoemde lede moes deur die Administrateur benoem word. Ses jaar later word die ledetal tot sewe vermeerder. Hierdie addisionele twee lede moet deur die geregistreerde kiesers van so 'n gebied verkies word. Na nege jaar moet die eerste vier lede van die raad uittree en vier nuwe lede moes dan deur die inwoners verkies word. Na nog drie jaar moes een van die nyweraar se oorspronklike genomineerde lede, saam met die vier verkose lede uittree. Sewe nuwe lede moes dan vir die volgende drie jaar verkies word. Dit kom dus daarop neer dat die oorspronklike raad twaalf jaar beheer sou uitoefen, met genomineerde lede wat periodiek deur gekose lede vervang word.

**Noodsaaklikheidsdienste:** die kommissie het aanbeveel dat daar 'n ooreenkoms tussen die nyweraar en die Gemeenskapsraad aangegaan moes word. Die ooreenkoms moes egter deur die Administrateur goedgekeur word en moes ook vir die toekomstige oorname van die noodsaaklikheidsdienste deur die Gemeenskapsraad voorsiening maak.

**Heffing van tariewe:** geen verandering in die heffing van tariewe is deur die kommissie voorgestel nie. Die kommissie het egter voorgestel dat die President van die waardasiehof in industriële gemeenskappe saam met twee of meer lede, wat deur die Administrateur benoem word, die saak moes ondersoek en aanbevelings moes doen.[112]

**Aanbevelings oor Vanderbijlpark se bestuursopset:** volgens bogenoemde kriteria het die De Wet-kommissie Vanderbijlpark se plaaslike bestuursopset soos volg uiteengesit:

> Vanderbijlpark is as 'n stedelike gebied beskryf wat onder beheer van die Plaaslike Gebiedskomitee van die Buitestedelike Raad van 1944 gestig is. Indien Yskor, nadat die kommissie se voorstelle in verband met sulke gebiede aanvaar is, 'n versoek tot die Administrateur sou rig om die gebied as 'n industriële gemeenskap te laat verklaar, en die versoek word toegestaan, dan sou die Gemeenskapsraad uit 7 verkose lede en 2 lede wat deur Yskor genomineer is, moes bestaan. Die versoek van Yskor sou egter beteken dat dit net die gebied sou wees wat oorspronklik deur Yskor beheer is en die nuwe dorpsgebiede wat intussen by die stadsraad ingelyf is, sou dan buite so 'n industriële gemeenskap val. Hierdie situasie maak dit onmoontlik dat die Administrateur so 'n versoek

---

[112] Town Council of Vanderbijlpark, Finance and Joint Committee, Reports, 9 October 1957 - 11 December 1957, vol. 23: report, 9 October 1957.

sou toestaan, omrede daar alreeds 'n gevestigde gemeenskap in Vanderbijlpark woonagtig was, met 'n stadsraad wat in beheer was. Dit sou onvanpas wees, indien die Administrateur die stadsraad deur 'n eenvoudiger vorm van plaaslike bestuur sou vervang.

Die De Wet-kommissie se voorstelle het geen voordele vir die gemeenskap onder beheer van die Stadsraad van Vanderbijlpark ingehou nie, aangesien die dorp reeds sedert 1947 oor 'n gesondheidskomitee beskik het.[113] Dit was ook die rede waarom die De Wet-kommissie se ondersoek nie op Vanderbijlpark van toepassing gemaak kon word nie. Volgens die Stadsraad van Vanderbijlpark is die saak as afgehandel beskou.[114]

Nadat die breë verloop van die beslaggewing en vestiging van Vanderbijlpark bespreek is, kan vervolgens voortgegaan word om die administrasie, verteenwoordiging en dienslewering van die Vanderbijlparkse Stadsraad in die periode 1952-1959 te bespreek. Die ontwikkelingsgeskiedenis van hierdie aspekte illustreer die aard en omvang van die dienslewering wat deur Vanderbijlparkse plaaslike bestuur aan die gemeenskap gelewer is.

Uit tabel no. 1 is dit duidelik dat Vanderbijlpark in 'n snelgroeiende nywerheidsdorp ontwikkel het. In die volgende hoofstuk word aangetoon in watter mate die ontwikkeling van die plaaslike bestuur by die eise van die groter wordende gemeenskap aangepas het.

---

[113] Kyk pp.22-23.

[114] Town Council of Vanderbijlpark, Finance and Joint Committee, Reports, 9 October 1957 - 11 December 1957, vol. 23: report, 9 October 1957.

## TABEL NO. 1: VANDERBIJLPARKSE BEVOLKINGSYFERS, 1952-1959

| | 1952/53 | 1953/54 | 1954/55 | 1955/56 | 1956/57 | 1957/58 | 1958/59 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Blank | 16500 | 19500 | 21000 | 23000 | 23000 | 25000 | 28000 |
| Swart | 14000 | 15500 | 17000 | 20000 | 21000 | 25000 | 23500 |
| Ander | 140 | 200 | 200 | 200 | 65 | 170 | 200 |
| Totaal | 30640 | 35200 | 38200 | 43200 | 45065 | 50170 | 51700[115] |

[115] Hierdie syfers is uit die volgende bronne afkomstig: J. Ryan (ed.), ***Official South African municipal yearbook, 1952-1953***, p.305; J. Ryan (ed.), ***Official South African municipal yearbook, 1953-1954***, p.310; J. Ryan (ed.), ***Official South African municipal yearbook, 1954-1955***, p.316; J. Ryan (ed.), ***Official South African municipal yearbook, 1955-1956***, p.224; J. Ryan (ed.), ***Official South African municipal yearbook, 1956-1957***, p.227; J. Ryan (ed.), ***Official South African municipal yearbook, 1957-1958***, p.226; J Ryan (ed.), ***Official South African municipal yearbook, 1958-1959***, p.233.